

## HOOFSTUK 5: BEVINDINGS EN BESPREKING

### 5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die toepassing bespreek van die Ericksoniaanse benadering tot sandspelterapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingsteurnis ervaar. Elke terapeutiese sessie, individuele en gesamentlike onderhoud asook die refleksiejoernale van die deelnemers en die navorser word ontleed, en temas en subtemas word geïdentifiseer. Na die aanvanklike data-analise word die geïdentifiseerde temas en subtemas gekategoriseer.

Kwalitatiewe navorsing maak onder andere gebruik van induktiewe redenering. By navorsing wat gerig is op die generering van nuwe kennis oor 'n spesifieke tema steun die navorser op induktiewe redenering (Hughes & Lavery, 2004). In hierdie navorsing ondersoek ek die waarde al dan nie van 'n 'nuwe' terapeutiese hulpmiddel, die Ericksoniaanse benadering tot terapie gekombineer met sandspelterapie op kinders en adolessente wat depressie as 'n ontwikkelingsteurnis ervaar.

Probleemstellings of navorsingsvrae word by kwalitatiewe navorsing breër gestel as by kwantitatiewe navorsing. Namate nuwe inligting aan die lig kom kan die aanvanklike navorsingsvraag of -vrae van tyd-tot-tyd gewysig word (McMillan & Schumacher, 2001). Volgens McMillan en Schumacher (2001: 579) bemoei kwalitatiewe navorsers hulle met *an ongoing event or a process in a discovery orientation*. My ervaring tydens hierdie studie was sterk in ooreenstemming hiermee, aangesien die navorsing 'n deurlopende ontdekkingsreis was.

Vervolgens word die agtergrond van die deelnemers kortliks geskets.

### 5.2 AGTERGROND VAN DIE DEELNEMERS

'n Ondersoek na die waarde van die beoogde gekombineerde benadering noop 'n kort bespreking van die agtergrondinligting van deelnemers<sup>24</sup>. 'n Volledige beskrywing van elke deelnemer verskyn in Bylaag A.

---

<sup>24</sup> 'n Spesifieke kleur is aan elke deelnemer toegeken. By die bespreking van die data-analise word dieselfde kleure deurlopend gebruik om die bepaalde deelnemer aan te dui.

**Tabel 5.1: Agtergrondinligting oor die ses deelnemers aan die studie**

	<b>DEELNEMER A</b> <i>Storieprinses</i>	<b>DEELNEMER B</b> <i>Denker</i>	<b>DEELNEMER C</b> <i>Skulpie</i>	<b>DEELNEMER D</b> <i>Verlore</i>	<b>DEELNEMER E</b> <i>Hoopvol</i>	<b>DEELNEMER F</b> <i>Skaduwee</i>
Ouderdom	7	9	11	12	16	18
Geslag	Vroulik	Manlik	Vroulik	Manlik	Vroulik	Vroulik
Moedertaal	Engels	Afrikaans	Afrikaans	Afrikaans	Afrikaans	Afrikaans
Graad	1	3	5	6	10	12
Aanmeldings-hindernis	<i>Storieprinses</i> se moeder is tragies oorlede in 'n busongeluk. Sy was saam met haar moeder tydens die ongeluk. Volgens haar vader het haar gedrag hierna negatief verander.	<i>Denker</i> het probeer selfmoord pleeg.	<i>Skulpie</i> se ouers is geskei en sy pas moeilik by die nuwe omstandighede aan.	<i>Verlore</i> se vader is in die tronk nadat hy die familie wreed aangerand het en <i>Verlore</i> se stiefsussie verkrag het.	Hoopvol ervaar verhoudingsprobleme en weet nie hoe om hierdie probleme te hanteer nie.	<i>Skaduwee</i> het slegte nuus oor haar gesondheid ontvang. Haar moeder het selfmoord probeer pleeg. Sy ervaar paniekaanvalle.
Eksterne faktore wat aanleiding kon gee tot depressiewe simptome	Moeder se afsterwe Slaaphindernis	Belewenis van skool; finansiële probleme; verhouding met broer; verhouding met portuurgroep; gesondheid.	Verhoudingshindernisse met vader en stiefmoeder; portuurgroepkonflik.	Blootstelling aan geweld; emosionele mishandeling; portuurgroepkonflik; verhoudingsprobleme met vader; geen standvastigheid.	Verhouding met ouers; verhoudingsprobleme met portuurgroep; verhoudingsprobleme met teenoorgestelde geslag; swak selfbeeld.	Gesondheid; moeder se selfmoord; paniek-aanvalle; verhoudings met teenoorgestelde geslag; ervaring van self.
Interne faktore wat aanleiding kon gee tot depressiewe simptome	Emosionele belewenis: vrees, hartseer, angs, magteloosheid, aggressie en eensaamheid.	Belewenis van: verhoudings; huislike omstandighede; self; skool; hartseer; onsekerheid; pyn; vergeetagtigheid; swak selfbeeld; emosionele uitbarstings.	Opstandigheid; passiwiteit; onsekerheid; ontkenning; neerslagtigheid; konsentrasie en geheue.	Vrees; heimwee; verlange; ongelukkigheid; verwerping; onsekerheid; opstandigheid; bekommernis en moedeloosheid.	Ontkenning; hartseer; vrees; woede; bitterheid; frustrasie; wantroue; wanhoop; onsekerheid; bekommernis en ontvlugting.	Onsekerheid; verhoudingsprobleme; opstandigheid; hartseer; wantroue.
Eksterne hulpmiddels	Vader Materne grootouers Navorser	Moeder Vader Navorser	Moeder Navorser	Welsyn Pleegouers Navorser	Ouers Sussie Navorser	Ouers Kêrel Navorser
Interne hulpmiddels	Verbeelding	Vermoë om te dink Selfkennis		Aanpassing by omstandighede <i>Resiliency</i>	Haar wil om te verbeter	

### **5.3 RESULTATE VAN DIE DATA-ANALISE**

In hierdie hoofstuk word die temas verken wat gedurende die data-analise na vore gekom het. Die wyse waarop die subtemas gegroepeer is word geïllustreer, gevolg deur 'n meer omvattende bespreking van die resultate van die data-analise.

Vier hooftemas is deur middel van die data-analise geïdentifiseer en hierna is verskeie subtemas onder elke hooftema onderskei. Tabel 5.2 bied 'n opsomming van die temas, subtemas en kategorieë wat na vore gekom het uit die in-diepte-studie van die verbatimtranskripsies van elke individuele terapeutiese ingreep (d.i. die verbatimtranskripsies van elke individuele onderhoud met die deelnemers en hul ouers, asook die refleksiejoernale van die deelnemers en navorser). Die insluitings- en uitsluitingskriteria van elke kategorie vorm ook 'n deel van hierdie opsomming.

Tydens die identifisering van die hooftemas, subtemas en kategorieë is alle bestaande kennis rakende depressiewe simptome, Ericksoniaanse terapie afsonderlik asook sandspelterapie afsonderlik uitgesluit, aangesien hierdie studie fokus op die moontlike waarde van Ericksoniaanse terapie gekombineer met sandspelterapie vir kinders en/of adolessente wat depressie as ontwikkelingsversteuring ervaar. Tydens die identifisering van die hooftemas en subtemas is alle kennis ingesluit wat moontlik tot 'n beter begrip van die genoemde gekombineerde benadering kan bydra.

In Tabel 5.2 word die temas en subtemas opgesom wat voortgepruit het uit 'n in-diepte-analise van die verbatim transkripsies van die individuele terapeutiese ingrepe.

**Tabel 5.2: Opsomming van temas en subtemas wat geblyk het uit die in-diepte-analise van verbatim transkripsies van elke individuele terapeutiese ingreep**

<b>TEMA 1: DEELNEMERS SE BELEWING VAN DIE ERICKSONIAANSE BENADERING TOT TERAPIE GEKOMBINEER MET SANDSPELTERAPIE</b>		
<b>Subtemas</b>	<b>Insluitingskriteria</b>	<b>Uitsluitingskriteria</b>
1.1 Deelnemers se belewing van die storievertel-momente	<p>Frases/sinne en woorde waar die deelnemers hul belewing van die storievertel-momente aangedui het. Ingesluit is die deelnemers se beskrywing van die hindernisse wat hulle beleef het. <i>Denker: Ek het nie maats nie; ek kan nie skool toe gaan nie; ek voel hartseer vir geen rede nie</i> (Sessie 1, bl. 26). Die deelnemers se beskrywing van hul 'veilige' plek, bv. opgewondenheid, onsekerheid en ongemak. Laastens die deelnemers se belewing van die terapie in hul daaglikse lewens. <i>Verlore</i> het na die stories geluister, maar dit het nie gelyk asof hy die stories sy eie gemaak en lesse daaruit geleer het om in sy eie lewe toe te pas nie (Sessie 4, bl. 9).</p>	<p>Alle frases/sinne en woorde wat nie op die deelnemers se belewing van die storievertel-momente van toepassing is nie. Uitgesluit is die deelnemers se belewing van daaglikse aktiwiteite, bv. verhoudings met ander belangrike persone. Ook uitgesluit is enige ekspressie van belewing wat verband hou met die sandspel-momente.</p>
1.2 Deelnemers se belewing van die sandspel-momente	<p>Frases/sinne en woorde waar die deelnemers hul belewing van die sandspel-momente aangedui het. Van die deelnemers was aanvanklik onseker en het heelwat vroeë gevra. Die deelnemers het na die aanvanklike onsekerheid die proses verstaan en na afloop van die storievertelling uit hul eie geweet dat hulle 'n sandspeltoneel moes bou (Refleksiejoernaal van navorser, bl. 10).</p>	<p>Alle frases/sinne en woorde wat nie op die deelnemer se belewing van die sandspel-momente van toepassing is nie. Uitgesluit is enige ekspressie van belewing wat verband hou met die storievertel-momente.</p>
<b>TEMA 2: DEELNEMERS SE BEGRIIP VAN DIE ERICKSONIAANSE BENADERING TOT TERAPIE GEKOMBINEER MET SANDSPELTERAPIE</b>		
<b>Subtemas</b>	<b>Insluitingskriteria</b>	<b>Uitsluitingskriteria</b>
2.1 Deelnemers se verklaring en begrip van die storievertel-momente	<p>Frases/sinne en woorde waar die deelnemers hul verklaring en begrip van die storievertel-momente deel: Denker: Ek moet doen wat die storie sê (Refleksiejoernaal van deelnemer, bl. 3). Verlore: Daar kan nog klippe in 'n mens se lewe wees, bv. probleme (Refleksiejoernaal van deelnemer, bl. 2). <i>Hoopvol: Die klippe was skokkend om te sien wat my alles pla</i> (Sessie 3, bl. 8).</p>	<p>Uitgesluit is enige ekspressie van verklaring en begrip wat verband hou met die sandspel-momente.</p>

'n Eriksoniaanse benadering tot sandspelterapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingsgeurnis ervaar

2.2 Deelnemers se verklaring en begrip van die sandspel-momente	Frases/sinne en woorde waar die deelnemers hul verklaring en begrip van die sandspel-momente deel: Denker: Ek het ook gedroom dat hier was sulke nattigheid (Sessie 1, bl. 25). <b>Skaduwee: Hierdie beteken aggressiwiteit en gewelddadigheid en harteloosheid</b> (Sessie 1, bl. 6).	Alle frases/sinne en woorde wat nie op die deelnemer se verklaring en begrip van die sandspel-momente van toepassing is nie.
<b>TEMA 3: VORDERING EN AANVAARDING AS GEVOLG VAN ERICKSONIAANSE BENADERING TOT TERAPIE GEKOMBINEER MET SANDSPELTERAPIE</b>		
<b>Subtemas</b>	<b>Insluitingskriteria</b>	<b>Uitsluitingskriteria</b>
3.1 Vordering in deelnemers se lewens	Frases/sinne en woorde waar die deelnemers 'n aanduiding gee dat hulle vordering toon as gevolg van die terapeutiese ingreep. Denker noem hy gaan makliker skool toe (Sessie 2, bl. 3). <b>Verlore: Ek sal haar vergewe</b> (Refleksiejoernaal van deelnemer, bl. 3).	Alle frases/sinne en woorde wat 'n aanduiding gee dat die deelnemers nie vooruitgang beleef as gevolg van die terapeutiese ingreep nie. <b>Skaduwee: dit voel of ek vasgevang is</b> (Refleksiejoernaal van deelnemer, bl. 8).
3.2 Deelnemers se aanvaarding van hul omstandighede	Frases/sinne en woorde waar die deelnemers 'n aanduiding gee dat hulle aanvaarding bereik het. <b>Hoopvol</b> begin haar ouers se gesag aanvaar (Refleksiejoernaal van navorser, bl. 7). <b>Skaduwee: ek het dit met die tyd begin aanvaar</b> (Sessie 6, bl. 6).	Alle frases/sinne en woorde wat 'n aanduiding gee dat die deelnemers nie aanvaarding bereik het nie. <b>Storieprinses, Denker, Skulpie</b> en <b>Verlore</b> toon nie aanvaarding van hul eie situasie na afloop van die terapeutiese ingreep nie (Refleksiejoernaal van navorser, bl. 8).
<b>TEMA 4: REAKSIE VAN DEELNEMERS (WAT NIE AS BELEWINGSMATIG OF BEGRIPSMATIG GETIPEER KAN WORD NIE) OP DIE ERICKSONIAANSE BENADERING TOT TERAPIE GEKOMBINEER MET SANDSPELTERAPIE</b>		
<b>Subtemas</b>	<b>Insluitingskriteria</b>	<b>Uitsluitingskriteria</b>
4.1 Positiewe reaksie van deelnemers	Frases/sinne en woorde wat daarop dui dat die deelnemers die terapeutiese ingreep as positief beleef. <b>Storieprinses: Wow, that's a nice story</b> (Sessie 3, bl. 11). <b>Denker: Jis, daai storie is baie slim</b> (Sessie 3, bl. 13).	Frases/sinne en woorde wat daarop dui dat die deelnemers nie die terapeutiese ingreep as positief beleef het nie, bv. <b>Storieprinses: But I don't want to do it again</b> (Sessie 3, bl. 11).
4.2 Negatiewe reaksie van deelnemers	Frases/sinne en woorde wat dui op 'n negatiewe reaksie van die deelnemers op die terapeutiese ingreep. Storieprinses wou nie oor haar probleme gesels nie: <b>He's saying us to keep quiet</b> (Sessie 4, bl. 9).	Alle frases/sinne en woorde wat nie op 'n negatiewe reaksie van die deelnemers op die terapeutiese ingreep dui nie. <b>Verlore: Sjee, ek voel sommer bly</b> (Sessie 1, bl. 15).

Die data-analise na aanleiding van die temas en subtemas word volgende breedvoerig bespreek.

### 5.3.1 Volledige bespreking van die data-analise

Die navorsing het die vorm aangeneem van 'n terapeutiese ingreep wat bestaan het uit 'n kombinasie van die Ericksoniaanse benadering tot terapie en sandspelterapie. Dit was gerig op kinders en/of adolessente wat depressie as ontwikkelingsteurnis ervaar het. Die navorsingsvraag wat beantwoord moes word is of die genoemde benadering van waarde was vir kinders en/of adolessente wat depressie as ontwikkelingsteurnis beleef het.

#### 5.3.1.1:Tema 1 en subtema 1.1

**TEMA 1:  
DEELNEMERS SE BELEWING VAN DIE ERICKSONIAANSE BENADERING TOT TERAPIE  
GEKOMBINEER MET SANDSPELTERAPIE**

**SUBTEMA 1.1:  
DEELNEMERS SE BELEWING VAN DIE STORIEVERTEL-MOMENTE**

#### i) Inleiding

Die eerste bespreking fokus op die deelnemers se belewing van die hindernisse wat hulle ervaar het. Daarna stel ek ondersoek in na die motivering van die deelnemers om aan die storievertelproses te bly deelneem. Dit word gevolg deur 'n bespreking van die deelnemers se belewing van 'n 'veilige' plek en laastens hul belewing van die terapeutiese metafoor wat in die storievertelling gebruik is.

#### ii) Deelnemers se belewing van die hindernisse wat hulle ervaar het

Elke deelnemer is tydens die navorsing as 'n individu beskou met haar unieke hindernisse wat moontlik tot die belewing van depressie kon bydra. My navorsing ondersteun dié van Davies (1999) en Muse (1990), naamlik dat kinders hulle depressie op verskeie maniere kan openbaar. Soms kan die deelnemer terugtrek (*Skulpie*)<sup>25</sup> terwyl ander met vrymoedigheid oor hul probleme sal praat (*Verlore*,

---

<sup>25</sup> Sien asseblief Bylaag A vir agtergrond van deelnemers.

'n Ericksoniaanse benadering tot sandspelletapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingssteurnis ervaar

**Hoopvol** en **Skaduwee**). Ander deelnemers kan moontlik selfmoordneigings toon of psigosomatiese simptome, byvoorbeeld slapeloosheid (**Storieprinses**).

Tydens die eerste fase van die terapeutiese ingreep, naamlik sessies wat op die Ericksoniaanse benadering tot terapie gebaseer was, het ek gepoog om stories te kies wat gepas het by die unieke hindernisse wat elke deelnemer ervaar het. Webb en Doka (2010) bevind juis in hul navorsing dat die terapeutiese storie by die probleme van die betrokke deelnemer behoort te pas. Die navorsing van Hunt (2005) sluit aan by die voorgenoemde waar hulle noem dat die terapeutiese metafoor by die spesifieke individu aanklank behoort te vind.

Ek het op storievertelling besluit aangesien stories so 'n natuurlike deel van 'n kind se lewe vorm (Brandell, 2000; Friedberg, McClure & Garcia, 2009; Mills & Crowley, 2001; Seligman, 2006). Gedurende die storievertelling het ek terapeutiese metafore gebruik en gepoog om die ware betekenis hiervan binne die storievertelling te bedek. My poging strook met die bevindings van Brandell (2000) asook Mills en Crowley (2001) in hul studies met kinders en adolessente,<sup>26</sup> naamlik dat die deelnemer gedurende storievertelling slegs bewus is van die aksies en die gebeure wat aan haar beskryf word, en dat sy nie na die bedekte betekenis binne die storie gesoek het nie, selfs al is die bedekte betekenis aan haar vertel, (Brandell, 2000; Mills en Crowley, 2001; Seligman, 2006).

Ek het gedurende my navorsing dieselfde bevind as die voorafgenoemde outeurs. Die deelnemers het nie na die bedekte betekenis binne die stories gesoek nie, maar het die stories bloot beleef soos wat ek dit aan hulle vertel het. **Verlore** het onder andere die volgende na afloop van die storievertelling gesê: **Ek het die blom jammer gekry, maar hy het 'n veilige plek gekry** (Refleksiejoernaal van deelnemer, bl. 3). **Verlore** het homself nie op daardie stadium as die blom – wat as metafoor in die storie gebruik is – beskou nie.

---

<sup>26</sup> Die definisies vir die terme 'kinders' en adolessente' kom voor in Hoofstuk 1, 1.6.4

'n Eriksoniaanse benadering tot sandspelterapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingssteurnis ervaar

Volgens Burns (2005), Seligman (2006) en Yapko (1994) voel kinders en adolessente wat depressie as ontwikkelingssteurnis ervaar nie altyd by magte om direk oor hul gevoelens en belewings te praat nie, aangesien hulle hul probleme as oorweldigend beleef. Die uitgangspunt van hierdie skrywers word ondersteun deur Deelnemer 1 aan my studie (*Storieprinses*), wat nie oor haar probleme wou praat nie. Gedurende Sessie 4 (bl. 9) sê sy: *He's saying us to keep quiet* (Sessie 4, bl. 9). As teenvoeter om haar gevoelens te verbaliseer, skep sy 'n verbeeldingspersoon wat ons beveel om stil te bly.

*Storieprinses* se onwilligheid om haar probleme te bespreek is moontlik daaraan te wyte dat ek die eerste storie, die Ligbal-metafoor, aan al die deelnemers behalwe aan haar vertel het. Die deelnemers moes die Ligbal-metafoor gebruik om die hindernisse in hul eie lewens te identifiseer. My enigste verklaring vir die feit dat ek hierdie storie nie ook aan *Storieprinses* vertel het nie, is dat ek moontlik intuïtief afgelei het dat haar depressiewe simptome direk met die afsterwe van haar moeder verband hou. Terugskouend besef ek dat dit moontlik 'n fout was, aangesien sy waarskynlik lig op haar gemoedstoestand sou kon werp indien ek haar die geleentheid sou gegun het om die hindernisse wat sy ervaar het self deur die Ligbal-metafoor te benoem (Refleksiejoernaal van navorser: Deelnemer A, bl. 1).<sup>27</sup>

Die uitgangspunt van Burns (2005), Mills en Crowley (2001), Seligman (2006) en Yapko (1994) dat terapeutiese metafore gebruik kan word wanneer kinders en adolessente nie by magte voel om direk oor hul gevoelens en belewings te praat nie, is deur vyf van die ses deelnemers aan die studie bevestig. Gedurende die vertelling van die Ligbal-metafoor was dit vir hierdie vyf deelnemers moontlik om hul probleme te benoem.

*Denker* het aanvanklik genoem dat hy geen hindernisse in sy ligbal kon sien nie: *Daar is niks nie*<sup>28</sup> (Sessie<sup>29</sup> 1, bl. 22). Tydens ons tweede sessie kon hy egter wel

---

<sup>27</sup>Die refleksiejoernaal van die navorser verskyn in Bylaag A.

<sup>28</sup>Alle kursief-gedrukte gedeeltes is direkte aanhalings uit die deelnemers se verbatim transkripsies van die video-opnames en uit hul joernale.

<sup>29</sup>Alle verwysings na "Sessie" kom uit die verbatim transkripsie van die betrokke video-opnames.



'n Eriksoniaanse benadering tot sandspelletapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingsgeurnis ervaar

die hindernisse in sy ligbal benoem. Hy het genoem dat hy nie maats het nie; dat dit vir hom moeilik is om skool toe te gaan; dat hy soms vir geen rede nie hartseer voel; dat hy voel asof hy nie met sy lewe kan aangaan nie; dat hy altyd moeg is en dat hy nie lus is om met sy broer te speel nie (Sessie 2, bl. 6).

**Skulpie** het dit ook aanvanklik moeilik gevind om die hindernisse in haar lewe te benoem. Ek moes meer leiding en aanmoediging aan **Skulpie** as aan die ander deelnemers gee ten einde haar te ondersteun om deel van die terapeutiese ingreep te word, en ek moes baie geduld met haar aan die dag lê. Hierdie waarneming strook met die van VanFleet, Sywulak, Sniscak, en Guerney (2010) wat bevind het dat die terapeut aan die kind soveel tyd moet gun as wat nodig is om die self te leer ken, en dat die terapeut ook geduldig moet wees met die kind se unieke terapeutiese proses.

Gedurende haar tweede terapeutiese sessie het **Skulpie** die volgende hindernisse in haar ligbal benoem: haar verhouding met haar vader, en dat sy dit moeilik vind om te konsentreer (Sessie 2, bl. 17). Yapko (2006) noem dat depressie kan veroorsaak dat kinders intern op hul gevoelens gefokus is, wat veroorsaak dat hulle minder oplettend is ten opsigte van hul omgewing en omgewingstimuli. Hierdie siening van Yapko mag waar wees met betrekking tot die aanvanklike reaksies van **Denker** en **Skulpie**. Gedurende my navorsing het ek gevind dat veral **Denker** en **Skulpie** gefokus was op hul eie emosies en dit wat hulle innerlik ervaar het. **Denker** skryf in sy Refleksiejoernaal (bl. 5): **Ek moet probeer om nie aan die slegte gedagtes te dink nie.**

**Verlore** het vanaf die eerste terapeutiese ingreep goed saamgewerk en die volgende hindernisse in sy ligbal benoem: haat teenoor sy vader en die belewing van aggressie teenoor ander mense wat hom slegsê (Sessie 3, bl. 8). **Hoopvol** het genoem dat haar moeder, vader, suster, onderwysers, kêrel en sy self die klippe was wat sy tydens terapie in haar ligbal gesien het (Sessie 2, bl. 16). Die laaste deelnemer, **Skaduwee** het aanvanklik die volgende hindernisse in haar ligbal gesien: aggressie; harteloosheid, gewelddadigheid; paniekaanvalle; gebrek aan vertroue en haar gevoel dat sy in 'n *bubble* vassit – **Ek sien dat ek soos in 'n bubble is en dat ek nie dalk ...**

'n Eriksoniaanse benadering tot sandspelterapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingsgeurnis ervaar

*dit voel of ek nie daar kan uitkom nie* (Sessie 1, bl. 14). Gedurende die tweede terapeutiese ingreep het sy haar gesondheid en depressie, haar ouers se depressie, haar moeder se selfmoordpoging en die verkrachtigingspoging wat sy as jong dogter beleef het as hindernisse in haar ligbal genoem (Sessie 2, bl. 3, 4).

Tydens die navorsing het dit ook geblyk dat *Skaduwee* nie al haar probleme genoem het nie, in teenstelling met die ander deelnemers aan hierdie studie wat dit wel gedoen het. Die hindernisse wat sy later genoem het was nie minder belangrik as die wat sy aanvanklik genoem het nie. Hierdie onderskryf my vroeëre waarneming, naamlik dat die terapeut geduldig moet wees en die deelnemer se terapeutiese proses behoort te respekteer.

Die siening van Gabbard, Beck en Holmes (2007) sluit hierby aan wanneer hulle sê dat sommige deelnemers hul eie, unieke redes het waarom hulle nie dadelik oor die spektrum van hul probleme wil praat nie. Deelnemers hou moontlik simptome geheim, óf voel dalk dat dit onregverdig is om ander met hul probleme op te saal, óf is gewoon skaam om hul probleme met ander te bespreek. Sodra die deelnemer die terapeut vertrou is sy meer gereed om oop kaarte te speel.

Ek is nie seker waarom *Skaduwee* nie dadelik al die probleme wat sy beleef het genoem het nie. Wanneer die Ericksoniaanse benadering met sandspelterapie gekombineer word, is dit nodig om te alle tye op die deelnemer gefokus te bly en om die inligting te gebruik wat die deelnemer tydens die terapeutiese ingreep deel (Yapko, 2006).

'n Opsomming van die deelnemers se beleving van die hindernisse wat hulle ervaar het volg in Tabel 5.3:

**Tabel 5.3: Opsomming van hindernisse**

	<i>Storie-prinses</i>	<i>Denker</i>	<i>Skulpie</i>	<i>Verlore</i>	<i>Hoopvol</i>	<i>Skaduwee</i>
Deelnemer kon nie hindernisse benoem nie	✓					
Deelnemer kon hindernisse benoem		✓	✓	✓	✓	✓
Deelnemers benoem verdere hindernisse in latere sessies						✓

### iii) **Motivering van deelnemers om aan storievertellingsproses te bly deelneem**

Ek het van die standpunt uitgegaan dat terapeutiese metafore 'n manier is om met kinders en/of adolessente te kommunikeer. Die terapeutiese metafoor word allerweë beskou as 'n moontlike wyse om terapeutiese verandering op 'n aangename en verbeeldingryke manier te laat plaasvind (Burns, 2007; Loue, 2008; Mills & Crowley, 2001). Metafore kan ander individue beskryf wat met dieselfde probleme worstel as waarmee die deelnemer 'n stryd voer.

Die positiewe resultate wat in die storie verkry word, kan indirek suggereer dat depressie 'n hindernis is waaraan die deelnemer kan werk (Yapko, 1994). Met positiewe resultate word bedoel dat 'n oplossing in die terapeutiese storie gebied word vir die probleem waarmee die karakter in die storie worstel.<sup>30</sup> Die deelnemer sien die oplossing wat in die storie vertel word op 'n onbewuste vlak raak en maak die oplossing van toepassing op haar lewe, wat verligting van die eie probleem teweeg bring. Aangesien die storie 'n oplossing bied, bly die deelnemer gemotiveerd om aan die storievertellingsproses deel te neem om die oplossing wat indirek voorgestel word in haar lewe te verwesenlik.

My navorsing het hierdie siening van Yapko ondersteun. Die deelnemers het na afloop van die storievertelling hoofsaaklik positiewe emosies getoon, soos wat uit die volgende aanhalings blyk:

**Storieprinses** het die stories geniet: *Oh, that was a happy story, but it was bad in the beginning. Wow! That's a nice story* (Sessie 3, bl. 11); *Oh! That was a nice story* (Sessie 4, bl. 16); *Yeah! Nice story* (Sessie 6, bl. 10). **Denker** het die volgende te sê gehad na sy belewings van die storievertelling: *Daai storie is baie slim* (Sessie 3, bl. 13); *Ek voel skoon beter* (Sessie 6, bl. 16). **Verlore** het as volg gereageer op die storievertelling: *Sjoe! Dit was nogal lekker. Ek voel sommer bly* (Sessie 1, bl. 15); *Nou voel ek beter* (Sessie 3, bl. 8); *Ek voel baie goed* (Sessie 4, bl. 9).

---

<sup>30</sup> Die manier waarop die karakters hulle probleme hanteer het in die terapeutiese metafore wat aan elke deelnemer vertel is, het verskil om te pas by die probleem wat die deelnemer as individu ervaar het (Sien in Bylaag B).

'n Ericksoniaanse benadering tot sandspel terapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingsgeurnis ervaar

**Hoopvol** het die volgende gesê na die storievertelling: **Ek voel baie rustig** (Sessie 1, bl. 14); **Ek voel ontspanne** (Sessie 4, bl. 16). **Skaduwee** het haar ervaring na die storievertelling as volg beskryf: **Ek voel beter** (Sessie 2, bl. 2); **Ek voel baie ontspanne en rustig en vol vrede** (Sessie 2, bl. 22); **Dis vir my baie lekker. Dit ontspan my ook (Sessie 2, bl. 28). Gedurende die sessie ervaar ek kalmte wat onbeskryflik is. Dit voel asof ek sweef soos 'n veer wat bo in die lewe wil kom** (Refleksiejoernaal van deelnemer, bl. 13).

Hoewel al ses deelnemers positiewe emosies getoon het na afloop van die Ericksoniaanse benadering tot terapie (storievertelling) soos bo vermeld, is hierdie positiwiteit oënskynlik nie deur al ses deelnemers na die post-terapeutiese situasie deurgetrek nie. Volgens Damluji, Downey en Sievert (2005) beïnvloed ons denke ons gevoelens. Cryan en Leonard (2010) asook Beck en Alford (2009) ondersteun hierdie outeurs en noem verder dat negatiewe gedagtes 'n depressiewe persoon se gedagtes oorheers. My bevinding kom ooreen met die van Cryan en Leonard (2010) asook Beck en Alford (2009) wat bevind het dat negatiewe gedagtes die individu se gedagtes oorheers wanneer sy depressiewe simptome toon. Deelnemers in my studie kon nie almal die positiewe gevoelens wat hulle gedurende en na die Ericksoniaanse benadering tot terapie ervaar het na die post-terapeutiese situasie deurtrek nie. Ek skryf dit toe aan hulle negatiewe denkpatroon wat moontlik ontstaan het as gevolg van die depressiewe simptome wat hulle ervaar het.

Beck en Alford (2009) het bevind dat negatiewe denke met behulp van 'n triade beskryf kan word. Hierdie triade verteenwoordig 'n kognitiewe patroon wat veroorsaak dat die depressiewe persoon haar eie ervarings en toekoms in 'n negatiewe lig sien. Hierdie drie komponente van Beck en Alford (2009) se triade kan verduidelik word aan die hand van die ervarings van deelnemers aan my studie:

- Negatiewe selfbeeld: Die persoon beskou haarself as waardeloos. Die volgende uitlatings is goeie voorbeelde hiervan: **Verlore: Daar is net niemand wat vir my omgee nie** (Sessie 3, bl. 15); **Skaduwee: Ek is 'n mislukking** (Sessie 5, bl. 10).

'n Eriksoniaanse benadering tot sandspelterapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingsgebeurtenis ervaar

- Negatiewe interpretasies van ervarings. **Hoopvol** se uitlating is 'n voorbeeld van negatiewe interpretasies van haar ervarings: **Alles wat ek doen draai altyd soos 'n disaster uit** (Sessie 1, bl. 12).
- Negatiewe blik op die toekoms. **Denker** noem dat dinge nooit vir hulle sal beter gaan nie (Sessie 6, bl. 3) en **Skulpie** sê dat sy nooit sal kan wees wie sy graag wil wees nie (Sessie 5, bl. 6).

My bevindings stem ooreen met die siening van Knaus, Moragne en Welsch (2011) dat depressiewe persone negatiewe as hul lewensoriëntasie aanvaar en hoofsaaklik glo dat enige poging tot verandering tydmors is. Dit was vir hierdie studie belangrik om te bepaal watter tipes emosies die deelnemers ervaar wanneer hulle na die Ericksoniaanse terapeutiese ingreep (storievertelling) luister ten einde hulle te ondersteun om die goeie emosies, gevoelens en luim (wat hulle na storievertelling ervaar het) na hul alledaagse bestaan deur te dra. Volgens Kokkonen en Pulkkinen (1996) veroorsaak goeie emosies, gevoelens en luim 'n positiewe uitkyk op die lewe wat die deelnemer moontlik kan ondersteun om haar lewe ten volle te ervaar en te geniet. Studies deur Gross en Thompson (2007) wys dat die vermoë om emosie te reguleer 'n belangrike komponent vir emosionele stabiliteit en gesonde ontwikkeling is.

Ek ondersteun hierdie skrywers en wou onder andere vasstel of die deelnemers aan my studie, wanneer hulle leer om hul emosies te reguleer, in staat sou wees om emosionele stabiliteit te bereik. Hoewel hulle na afloop van die storievertelling positief en in 'n goeie luim was, het dit nie gelyk asof die deelnemers hierdie nuutgevonde positiewe gevoelens, emosies en luim na hul alledaagse bestaan kon deurtrek nie.

Gedurende ons laaste sessie het **Skaduwee** haar emosies as volg beskryf: **Ek voel bang want ek weet ek moet gaan werk en ek kan nie nou by die huis bly nie en ek weet my ma moet werk toe gaan, so sy gaan nie my kan bystaan nie. So toe het ek net al hoe meer tense geraak daaroor en dan kry ek paniekaanvalle** (Sessie 7, bl. 4). Na hierdie sessie het sy 'n terugslag beleef en is sy in die hospitaal opgeneem.

'n Eriksoniaanse benadering tot sandspelterapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingsgeurnis ervaar

**Denker** daarenteen was in staat om die positiewe gevoelens, emosies en luim in sy lewe toe te pas. Hy noem in Sessie 3 (bl. 3) dat hy gelukkig voel vandat hy na die stories luister en beter kan skool toe gaan.

Tabel 5.4 bevat 'n opsomming van die deelnemers se motivering om aan die storievertelproses te bly deelneem.

**Tabel 5.4: Motivering van deelnemers om aan storievertelling te bly deelneem**

	<i>Storie-prinses</i>	<i>Denker</i>	<i>Skulpie</i>	<i>Verlore</i>	<i>Hoopvol</i>	<i>Skaduwee</i>
Deelnemer presenteer met depressiewe simptome	✓	✓	✓	✓	✓	✓
Deelnemer ervaar positiewe gevoelens na storievertelling	✓	✓	✓	✓	✓	✓
Deelnemer kan positiewe gevoelens oordra na haar lewe		✓	✓		✓	
Deelnemer kan positiewe gevoelens oordra na haar lewe, egter nie blywend nie	✓			✓		✓

Volgende word die deelnemers se beleving van die 'veilige' plek bespreek.

#### iv) Beleving van die 'veilige' plek

Gedurende hierdie eerste fase van die terapie moes die deelnemers vir hulself 'n 'veilige' plek visualiseer waar hulle kon luister na die storie wat vertel sou word. Hierdie is 'n denkbeeldige plek (byvoorbeeld 'n mooi tuin met diere of waar voëltjies sing) wat die deelnemer vir haarself deur visualisering kon skep, en waar sy ten volle kon ontspan en haarself wees sonder enige vrese of spanning (Hersen, 2004; Hunter, 2000). Hersen (2004) skryf dat dit goed is om 'n veilige plek vir die deelnemer daar te stel aangesien die deelnemer gedurende terapie enige tyd hierna kan terugkeer.

- **Die skep van 'n veilige plek**

Al die deelnemers behalwe **Hoopvol** en **Skaduwee** het dit moeilik gevind om die konsep van 'n veilige plek te verstaan. Hoewel Hunter en Tebbetts (2000) noem dat dit onwys van die terapeut is om 'n veilige plek vir die deelnemer te skep aangesien die deelnemer nodig het om hierdie plek te herleef wanneer sy alleen is, het **Verlore** en **Skaduwee** verkies dat ek vir hulle so 'n veilige plek skep.

'n Eriksoniaanse benadering tot sandspelterapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingsgeurnis ervaar

My bevindings het nie ooreengekom met die van Hunter en Tebbetts (2000) nie en dit was vir my nodig om **Verlore** en **Skaduwee** later gedurende die terapeutiese ingreep te ondersteun om 'n veilige plek te skep aangesien hulle nie in staat was om dit op hul eie te doen nie.

Tydens ons eerste sessie waartydens ek die Ericksoniaanse benadering tot terapie toegepas het, het **Verlore** geantwoord dat hy in staat is om sy eie veilige plek te visualiseer. Na die sessie het hy genoem dat sy veilige plek 'n kamer is waar hy alleen op 'n bank gesit het (Sessie 1, bl. 16). Tydens ons tweede sessie het ek gedurende die storievertelling aan **Verlore** gevra om na sy veilige plek terug te keer. Aanvanklik was daar 'n lang stilte, waarna ek wou weet of hy dit sou verkies indien ek hom sou help om 'n veilige plek te visualiseer. Hy het instemmend geknik (Sessie 2, bl. 6). Ek het 'n tuin voorgestel en **Verlore** was in staat om dit te visualiseer. Vir die res van die Ericksoniaanse terapie het hy na die tuin as sy veilige plek teruggekeer: **Ek is by my boompie waar die bankie is en die tuin en ander bome en daar is twee mense daarso en daar is perde** (Sessie 6, bl. 6).

**Skaduwee** kon ook tydens die eerste sessie sonder my hulp as terapeut 'n veilige plek vir haarself visualiseer (Sessie 1, bl. 4). Gedurende ons tweede sessie het **Skaduwee** genoem dat haar vorige kêrel haar veilige plek gedurende die eerste sessie was. Ten spyte daarvan dat hulle nie meer saam was nie, was hy steeds haar veilige plek (Sessie 2, bl. 29). Tydens die vierde sessie het **Skaduwee** egter die volgende opmerking gemaak: **Ek gaan 'n ander veilige plek moet kry want X was my veilige plek en nou wil ek hom vermoor** (Sessie 6, bl. 14). **Skaduwee** het in hierdie sessie gekies om die lughawe haar veilige plek te maak (Sessie 6, bl. 15). Hoewel ek dit aanvanklik vreemd gevind het, het ek later terwyl ek besig was om in my refleksiejoernaal te skryf, besef dat sy die lughawe gekies het aangesien sy op *mxit* 'n nuwe vriend ontmoet het wat by die lughawe werk (Sessie 6, bl. 5). Vir **Skaduwee** was haar veilige plek gekoppel aan iemand van die teenoorgestelde geslag wat op daardie oomblik vir haar spesiaal was.

'n Eriksoniaanse benadering tot sandspeltherapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingsgeurnis ervaar

Tydens die verskillende onderhoude wat ons gevoer het, het dit duidelik na vore gekom dat **Skaduwee** dit moeilik vind om op haar eie gelukkig te wees. Sy was afhanklik van iemand van die teenoorgestelde geslag om haar gelukkig te maak. Die veilige plekke wat sy telkens gekies het, het hierdie waarneming bevestig. Ek is nie seker hoe waardevol 'n veilige plek kan wees wat gekoppel is aan 'n ander persoon wat nie 'n permanente deel van jou lewe vorm nie. Ek moes van meet af waarskuwingstekens gesien het nadat **Skaduwee** genoem het dat haar veilige plek by haar vriend is, hoewel hulle nie meer saam was nie. Tydens my intensiewe literatuurstudie het ek nêrens bevestiging vir bogenoemde waarneming gekry nie. Bes moontlik is daar wel in die literatuur hierna ondersoek ingestel en het ek dit gewoon nie raakgelees nie.

**Storieprinses** het vanuit die staanspoor gewys dat sy oor 'n ryk verbeelding beskik en 'n liefde vir stories het. Sy kon haar veilige plek maklik beskryf en beleef. Ek noem 'n paar van haar beskrywings van haar veilige plek: ***I can see rabbits, a puppy and a cute horse in my garden*** (Sessie 7, bl. 3); ***the animals can talk*** (Sessie 7, bl. 4); ***I can smell it. I can see it in my brain*** (Sessie 6, bl. 7); ***Yeah! Listen, listen, listen, listen, listen, listen. Yeah! Yeah! Yeah! Yeah!*** (Sessie 7, bl. 6).

**Skulpie** het haar veilige plek beskryf as: ***'n plek vol blomme wat pienk, pers en rooi en geel is. Dit het klein boompies en groot boompies. Dit is 'n baie groot tuin. Ek sien blomme, ek sien mooi groen gras, ek sien skoelappers, ek hoor voëltjies en ek sien baie groot mooi blommetjies. Net ek is in my tuin*** (Sessie 6, bl. 2, 3). Hierdie beskrywing van Skulpie bevestig die siening van Bryant en Mabbutt (2006) dat kinders oor 'n ryk verbeelding beskik. **Hoopvol** het haar slaapkamer as haar veilige plek gevisualiseer (Sessie, bl. 15). Soos vroeër vermeld kon die deelnemers nie almal 'n eie veilige plek vir hulself visualiseer nie. Van die deelnemers het hulp nodig gehad en ek het die verlangde hulp verleen. Ek wou hulle graag in staat stel om hul veilige plek buite die terapiekamer te gebruik.

- ***Gebruik van veilige plek buite die terapiekamer***



'n Eriksoniaanse benadering tot sandspelletapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingsgeurnis ervaar

Een van die doelwitte van die Ericksoniaanse benadering tot terapie is dat die deelnemer in staat gestel behoort te word om die terapie buite die terapiekamer te gebruik (Geary & Zeig, 2001; Lankton & Lankton, 1983; Yapko, 2006). Aangesien **Skaduwee** se veilige plek 'n persoon was wat nie altyd 'n deel van haar lewe was nie, het dit beteken dat sy nie altyd 'n vaste veilige plek het waarheen sy kan terugkeer sodra die verhouding misluk nie. Na my mening het ek daarin misluk om **Skaduwee** te ondersteun om 'n ware veilige plek vir haarself te visualiseer. Hierdie kortsigtigheid van my kant af kan beteken dat sy nie in staat sal wees om 'n veilige plek vir haarself te visualiseer indien sy die Ericksoniaanse benadering tot terapie buite die terapiekamer wil toepas nadat die terapeutiese ingreep afgehandel is nie.

**Skaduwee** het aanvanklik in Sessie 2 (bl. 19) genoem dat dit nie vir haar nodig was om tussen terapie sessies na haar veilige plek toe te gaan nie. Op 'n later stadium het sy gesê: **Wanneer ek gespanne en mismoedig voel, kan ek op my bed gaan lê en my veilige plek beleef. Dit laat my ontspan en rustig voel** (Sessie 4, bl. 43). **Skaduwee** het wel genoem dat sy in staat was om haar veilige plek tuis te beleef. Ek is egter onseker of sy dit oor die langtermyn sal kan doen aangesien haar veilige plek aan 'n persoon gekoppel was.

**Hoopvol** kon op haar eie weer haar veilige plek tuis beleef. Met die aanvang van Sessie 4 (bl. 13) antwoord **Hoopvol** dat sy in staat is om haar veilige plek te beleef wanneer sy dit self tuis doen.

Nie al ses deelnemers se veilige plek het deur die loop van die terapeutiese ingreep dieselfde gebly nie.

- **Veilige plek mag verander**

Hunter en Tebbetts (2000) voer aan dat deelnemers se veilige plek nie altyd gedurende terapie dieselfde sal bly nie. Gedurende my bevindings kon ek hierdie waarneming van Hunter en Tebbetts (2000) staaf. Ek het die deelnemers gevra om hulle veilige plek vir my te beskryf omdat die terapeut, volgens Degun-Mather (2006) en Luber (2009), moet weet of die deelnemer wel by 'n veilige plek is waar sy ontspanne en rustig kan wees. Ek wou ook seker maak dat die deelnemers tussen

'n Ericksoniaanse benadering tot sandspelterapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingsgeurnis ervaar

terapeutiese sessies op hulle eie hul veilige plek sou kon beleef. Die veilige plek is 'n hulpmiddel wat die deelnemer kan aanwend om die rustige gevoelens wat sy in terapie ervaar te herleef wanneer dit nodig is (LaBay, 2003; Luber, 2009).

Volgens *Denker* het sy veilige plek nie altyd dieselfde gebly nie. In ons laaste terapeutiese sessie het hy die volgende van sy tuin vertel: *Een boom is nou afgekap soos 'n stoel. Daar is meerkatte en 'n paar leeus met daai maanhare, en 'n paar wit tiere en bruin tiere en baie ander tipes leeus met maanhare ook* (Sessie 6, bl. 19). *Denker* het gewoonlik sy oë oopgehou wanneer ons sy veilige plek gedurende terapie geëksploreer het.

- ***Behoeft van die deelnemer met die beleving van die veilige plek***

*Denker* het aangedui dat hy gemakliker voel om sy oë oop te hou gedurende die storievertelling en die beleving van sy veilige plek (Sessie 3, bl. 4). Sy reaksie was: *Ek kan my oë oophou dan kan ek dit nog steeds in my brein sit* (Sessie 3, bl. 4). Vir sommige kinders is dit moeiliker om die Ericksoniaanse benadering tot terapie met toe oë te volg. Hierdie behoort egter nie as 'n hindernis in terapie gesien te word nie aangesien die deelnemers die storie met hul oë oop of toe kon beleef.

Bryant en Mabbutt (2006), Hunter en Tebbetts (2000) en Olness en Kohen (1996) bevestig hierdie siening en noem dat kinders nie nodig het om hul oë toe te maak gedurende die Ericksoniaanse benadering tot terapie nie aangesien hulle reeds oor 'n sterk verbeeldingswêreld beskik. Olness en Kohen (1996) verduidelik verder dat kinders soms negatief sal reageer wanneer hulle gevra word om hul oë toe te maak. Hills (1986) ondersteun die siening van Olness en Kohen. Liebault en Bernheim (in Olness en Kohen, 1996) het onderskeidelik in 1840-1919 en 1823-1904 daarop aangedring dat kinders hul oë gedurende terapie moes toemaak. Indien die kinders nie daarop gereageer het nie, het die genoemde terapeute op 'n outoritêre manier die kinders se oë toegedruk. Hierdie outoritêre benadering word nie meer gevolg nie en skrywers is dit eens dat kinders nie nodig het om hul oë gedurende die Ericksoniaanse benadering tot terapie toe te maak nie (Bryant & Mabbutt, 2006; Hills, 1986; Olness & Kohen, 1996).

'n Ericksoniaanse benadering tot sandspelterapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingsgeurnis ervaar

Tabel 5.5 bied 'n opsomming van die deelnemers se beleving van hul veilige plek.

**Tabel 5.5: Beleving van veilige plek**

	Storie-prinses	Denker	Skulpie	Verlore	Hoopvol	Skaduwee
Deelnemer kon veilige plek beleef	✓	✓	✓	✓	✓	✓
Deelnemer kon nie veilige plek beleef nie						
Onsekerheidsbeleving		✓		✓		
Veilige plek wissel		✓	✓			✓

#### v) Beleving van storievertel-momente in die latere sessies

Een van die redes waarom ek die Ericksoniaanse benadering tot terapie in hierdie gekombineerde benadering gebruik het, was om vir elke individuele deelnemer 'n unieke storie te vertel waarin die hindernisse waarmee die deelnemer worstel moontlik aangespreek kon word. My hipotese was dat die deelnemers hulself moontlik kon vereenselwig met die gebeure in die storie en dat hulle die hulpmiddels wat in die storie genoem word moontlik in hul eie lewens kon begin toepas.

Bandler en Grinder (1976; 1981 & 1997) redeneer dat die terapeutiese metafoor gedurende storievertelling deur drie verskillende fases beweeg:


- Die metafoor stel 'n oppervlak betekenisstruktuur (*surface structure of meaning*) voor in die woorde van die storie soos wat die storie aan die deelnemer vertel word.
- Die oppervlak betekenisstruktuur aktiveer 'n geassosieerde dieper betekenisstruktuur (*associated deep structure*) wat indirek relevant is vir die deelnemer.
- Die dieper betekenisstruktuur aktiveer op sy beurt weer 'n herstelde dieper betekenisstruktuur (*recovered deep structure*) wat direk relevant is vir die deelnemer.

Hierdie skrywers veronderstel dat wanneer die deelnemer fase drie bereik het, sy die metafoor op haarself behoort te kan toepas. Die storievertellingsfase (fase 1) behoort die brug te wees tussen die deelnemer en die boodskap van die storie. Die deelnemer behoort 'n persoonlike verbintenis met die boodskap van die storie te

'n Ericksoniaanse benadering tot sandspellet terapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingsgeurnis ervaar

maak (fase 2). Indien hierdie persoonlike verbintenis nie gemaak word nie, kan die terapeutiese metafoor nie 'n persoonlike betekenis vir die deelnemer inhou nie. Wanneer die persoonlike verbintenis tussen die deelnemer en die storie wel plaasgevind het (fase 3), kry die terapeutiese metafoor persoonlike betekenis en kan die deelnemer moontlik hierdie persoonlike betekenis op haar eie lewe van toepassing maak. Figuur 5.1 is 'n diagrammatiese voorstelling van my waarnemings gedurende die navorsing en wat dit ten opsigte van my navorsingsvraag beteken het.

**Figuur 5.1: Drie fases van die terapeutiese metafoor gedurende storiëvertelling**



(Mills & Crowley, 2001:118)

Burns (2007 & 2009) bevestig die siening van Bandler en Grinder dat storiëvertelling 'n brug bou tussen die wêreld van taal en die ervaring van die deelnemer wanneer die deelnemer na die terapeutiese metafoor luister. Ruggiero (2007) stem hiermee saam en voeg by dat die deelnemer die storie persoonlik op hulself van toepassing moet maak ten einde verandering in hul lewens te laat plaasvind.

Gedurende hierdie navorsing het die ses deelnemers wat aan die studie deelgeneem het verskillende belewenisse gehad met betrekking tot die terapeutiese metafore wat deur middel van die Ericksoniaanse storiëvertelling aan hulle oorgedra is. Die deelnemers het verder nie almal onmiddellik na afloop van die storiëvertelling laat blyk dat hulle die dieper betekenis van die terapeutiese metafoor verstaan nie.

'n Eriksoniaanse benadering tot sandspelterapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingsgeurnis ervaar

Fase 1 van my navorsing was die deel waar ek 'n storie aan elke deelnemer vertel het. Ek het gepoog om 'n storie te kies wat by die hindernis van die spesifieke deelnemer gepas het. Soos vroeër verduidelik, stel die metafoor gedurende Fase 1 'n oppervlakte-betekenisstruktuur (*surface structure of meaning*) voor in die woorde van die storie soos dit aan die deelnemer vertel word. Uit my waarneming tydens die storievertelling het dit geblyk dat al ses deelnemers aandagtig na die stories geluister het. **Storieprinses: That was a happy story** (Sessie 6, bl. 10); **Denker: Ek sien dit** (Sessie 1, bl. 19). **Verlore: Dis 'n mooi storie** (Sessie 4, bl. 9); **Skulpie: Ek kan die storie volg** (Sessie 2, bl. 17); **Hoopvol: Ek voel rustig wanneer ek na die storie luister** (Sessie 4, bl. 16); **Skaduwee: Ek voel ligter wanneer ek na die stories luister** (Sessie 1, bl. 8).

Tydens fase 2 wou ek vasstel of die deelnemer moontlik 'n indirekte boodskap in die metafoor raakgesien het. Dit is in ooreenstemming met die geassosieerde dieper betekenisstruktuur (*associated deep structure*) van Bandler en Grinder (1997) wat indirek op die deelnemer van toepassing kon wees. In hierdie studie hou fase 2 verband met die sandspeluitbeelding van die deelnemers wat volledig ondersoek word wanneer ek hul beleving van die sandspel-momente bespreek.

Die uiteindelijke doelwit van die storievertelling was om vas te stel of die metafoor vir die deelnemer persoonlike betekenis gekry het sodat sy dit op haar eie lewe van toepassing kon maak. Hierdie sluit fase 3 in, waar 'n herstelde dieper betekenisstruktuur (*recovered deep structure*) wat direk relevant is vir die deelnemer geaktiveer word (Bandler & Grinder, 1976).

Gedurende die Ericksoniaanse storievertelling het ek nie verwag dat al die deelnemers die bedekte dieper betekenis van die storie onmiddellik in hul lewens sou kon toepas nie.<sup>31</sup> Erickson het self gesê dat elke individu in staat is om die boodskap te hoor en te begryp op die vlak wat vir haar op daardie spesifieke stadium bruikbaar is (Geary & Zeig, 2001). Erickson het vertrou dat die deelnemer die pertinente

---

<sup>31</sup> Met my navorsing wou ek vasstel of die deelnemer na afloop van die sandspelterapie moontlik die dieper betekenis van die terapeutiese metafoor makliker in haar lewe sou kon toepas. Hierdie word bespreek in subtema 1.2.

'n Ericksoniaanse benadering tot sandspelterapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingsgeurnis ervaar

boodskap op 'n dieper vlak sou onthou en verstaan wanneer sy sou nodig hê om die dieper betekenis te verstaan (Geary & Zeig, 2001).

Ek het hierdie uitgangspunt van Erickson in my navorsing ondersteun. Alhoewel nie al die deelnemers gewys het dat hulle die dieper betekenis van die terapeutiese metafore begryp nie, het ek van die standpunt uitgegaan dat hulle op hul eie tyd die dieper betekenis van die terapeutiese metafoor sou kon onthou en verstaan.

My navorsing sluit ook aan by die uitgangspunt van Geary en Zeig (2001) en Mills en Crowley (2001). Wanneer die drie fases wat Bandler en Grinder (1976; 1997) met betrekking tot storievertelling voorstel ondersoek word, wil dit voorkom asof hierdie outeurs verwag dat die deelnemer reeds direk na die storievertelling die terapeutiese metafoor moet begryp en op haar lewe kan toepas. Ek wou gedurende my navorsing ondersoek of die deelnemer na die sandspelterapie die terapeutiese metafoor sou begryp en in haar lewe sou kon toepas (Sien tema 1; subtema 1.2).

Die deelnemers het nie almal die storievertelling op dieselfde manier beleef nie. **Verlore** het na die stories geluister, maar dit het nie gelyk asof hy die stories sy eie gemaak en lesse daaruit geleer het om in sy eie lewe toe te pas nie (Sessie 4, bl. 9). **Skaduwee** het ook aandagtig na die stories geluister en gedurende terapie genoem dat sy weet hoe om die tegnieke in haar lewe toe te pas. Wanneer sy egter die tegnieke tuis moes gebruik, was sy nie altyd daartoe in staat nie. **Skaduwee** of haar moeder het my gereeld tussen sessies geskakel aangesien sy soms 'n paniekaanval gekry het en dan nie geweet het hoe om dit te hanteer nie, ten spyte daarvan dat ons die tegnieke gedurende die Ericksoniaanse benadering tot terapie geoefen het.

**Denker** kon homself in die Ericksoniaanse benadering tot terapie inleef en het die verhale wat spesiaal vir hom uitgesoek was sy eie gemaak. Gedurende Sessie 6 (bl. 20) het die trane oor **Denker** se wange gerol terwyl hy na die storie geluister het en hom daarmee vereenselwig het.

**Storieprinses** was die meeste van die tyd 'n deel van die Ericksoniaanse benadering tot terapie en het lopende kommentaar gedurende die stories gelewer. Sy het haarself

'n Eriksoniaanse benadering tot sandspelterapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingsgeurnis ervaar

gewoonlik in die storie ingeleef. **Storieprinses** het oor 'n ryk verbeelding beskik en het tydens die storievertelling die volgende belewings gehad: ***I can see it, dolphins, dolphins. I like dolphins. A beach house. A beach house. Yes, it's kind of yellow and pink and green.*** (Sessie 6, bl. 7)

Terwyl ek 'n storie vertel het wat by die see afspeel (Sessie 6, bl. 7), het **Storieprinses** gesê: ***I can see it, I can smell it. I can see it in my brain.*** Sy het ook die volgende opmerkings gemaak terwyl ons in ons verbeelding na die klanke van die see geluister het: ***Yeah! Listen, listen, listen, listen, listen, listen... yeah! Yeah! Yeah!*** (Sessie 6, bl. 9). Sy het nie die tegnieke wat sy in die stories geleer het dadelik in haar lewe toegepas nie, maar wel op 'n latere stadium (Refleksiejoernaal van navorser: Deelnemer A, bl. 10). Beide **Skulpie** en **Hoopvol** het die lesse verstaan wat hulle uit die stories geleer het en **Hoopvol** kon die terapeutiese metafoor in haar lewe toepas., Ek was egter nie oortuig dat **Skulpie** dit wat sy in terapie geleer het in haar lewe toegepas het nie (Refleksiejoernaal van deelnemer, bl. 4; Sessie 5, bl. 3; Sessie 5, bl. 4).

**Storieprinses** het soms onsekerheid beleef met betrekking tot die visualisering gedurende die storievertel-momente: ***But what if the sharks get me? What if something comes and grabs the cloud? Can I fall out?*** (Sessie 5, bl. 5, 6.) ***Let's say the cloud breaks?*** (Sessie 7, bl. 3). Aangesien daar soms onsekerheid by haar voorgekom het moes ek haar gereeld verseker dat sy te alle tye veilig was.

Die storievertel-momente van latere sessies word in Tabel 5.6 opgesom:

**Tabel 5.6: Storievertel-momente van latere sessies**

	<i>Storie-prinses</i>	<i>Denker</i>	<i>Skulpie</i>	<i>Verlore</i>	<i>Hoopvol</i>	<i>Skaduwee</i>
Fase 1: Beleef storievertelling	✓	✓	✓	✓	✓	✓
Fase 2: Persoonlike verbintenis met storie		✓	✓			✓
Fase 3: Metafoor kry persoonlike betekenis in deelnemer se lewe		✓	✓			
Terapeutiese metafoor kry op latere stadium betekenis in deelnemer se lewe	✓					

#### vi) Opsomming van deelnemers se belewing van storievertel-momente

Ek som vervolgens kortliks die deelnemers se belewing van die storievertel-momente op. Vyf van die ses deelnemers wat aan die navorsing deelgeneem het was in staat om die probleme wat hulle in hul lewens ervaar het te benoem, en was bereid om aan hul probleme te werk.

*Storieprinses* wou nie oor haar probleme praat nie maar was bereid om na die terapeutiese stories te luister. *Storieprinses* en die ander vyf deelnemers het almal positiewe gevoelens na die storievertelling ervaar. *Denker* en *Hoopvol* was in staat om die positiewe gevoelens wat hulle gedurende en na die terapeutiese ingreep ervaar het na die post-terapeutiese situasie deur te trek. *Storieprinses*, *Skulpie*, *Verlore* en *Skaduwee* kon ook die positiewe gevoelens wat hul ervaar het na hul lewens oordra, maar kon oënskynlik nie hierdie positiwiteit na die post-terapeutiese situasie deurtrek nie.

*Denker*, *Skulpie*, *Verlore*, *Hoopvol* en *Skaduwee* was net soos *Storieprinses* bereid om na die terapeutiese stories te luister. Uit die navorsing wou dit voorkom asof *Denker*, *Skulpie*, *Hoopvol* en *Skaduwee* moontlik 'n persoonlike verbintenis met die terapeutiese metafoor gehad het en *Denker*, *Skulpie* en *Hoopvol* het aangedui dat die terapeutiese metafoor persoonlike betekenis vir hulle in die post-terapeutiese situasie ingehou het.

Tydens hierdie deel van die navorsing was dit nog nie vir my moontlik om my navorsingsvraag (Wat is die waarde van die Ericksoniaanse benadering tot terapie gekombineer met sandspelterapie vir kinders en adolessente wat depressie as



'n Eriksoniaanse benadering tot sandspeltherapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingssteurnis ervaar

ontwikkelingssteurnis ervaar?) te beantwoord nie. Die sandspeltherapie het nog nie begin nie en ek sou eers my navorsingsvraag na afloop daarvan kon beantwoord, aangesien 'n gekombineerde benadering ter sprake was.

Waaroor ek wel op hierdie stadium kan rapporteer is dat stories, soos wat Webb en Doka (2010) bewys het, 'n natuurlike deel van kinders en selfs adolessente se lewens is en dat al ses deelnemers aan my studie die storievertelling geniet het en positiewe emosionele gevoelens na afloop van die storievertelling ervaar het. Hierdie bevinding strook met die van Goldman (2001) wat bevestig dat die terapeutiese storie 'n kragtige manier is om na die deelnemer se onbewuste gevoelens uit te reik, en dat die deelnemer tydens die terapeutiese metafoor toegelaat word om op 'n veilige manier met die karakters en die gebeure in die storie te identifiseer. Die terapeutiese stories in hierdie navorsing het die siening van Cameron-Bandler en Gordon (1978) asook Mills en Crowley (2001) ondersteun, naamlik dat die terapeutiese metafoor die deur van die onbewuste oopmaak en die deelnemer toelaat om betrokke te raak in die terapeutiese metafoor sonder dat sy aandag op haarself fokus.

Volgende word die deelnemers se belewings van die sandspel-momente bespreek.

### **5.3.1.2:Tema 1 en subtema 1.2**

**TEMA 1:  
DEELNEMERS SE BELEWINGS VAN DIE ERICKSONIAANSE BENADERING TOT TERAPIE  
GEKOMBINEER MET SANDSPELTERAPIE**

**SUBTEMA 1. 2:  
DEELNEMERS SE BELEWINGS VAN DIE SANDSPEL-MOMENTE**

## **i) Inleiding**

Na afloop van die Ericksoniaanse benadering tot terapie moes die deelnemers die storie, soos dit vir hulle sin gemaak het, in die sand uitbeeld. Die doel hiermee was om vas te stel of die uitbeelding van die storie in die sand die deelnemers moontlik kon help om die storie beter te verstaan en hulle sou ondersteun om die terapeutiese metafoor in hul eie lewens toe te pas.

In hierdie gedeelte word slegs gefokus op die onderskeie deelnemers se beleving van die sandspel-momente. Hul verklaring en begrip van die sandspel-momente volg later in Tema 2, subtema 2.2 – die gedeelte wat die potensiele nuwe kennis verteenwoordig wat uit my navorsing geblyk het.

## **ii) Onderskeie deelnemers se beleving van die sandspel-momente**

Die manier waarop sandspelterapie aan die kind en/of adolessent bekendgestel word wissel na gelang van die terapeutiese benadering wat gedurende sandspelterapie gevolg word. Volgens Margaret Lowenfeld (2005) wat die wêreldtegniek in sandspelterapie ontwikkel het, word direkte instruksies aan die kliënt gegee oor hoe sy die sandtoneel moet bou. Sy noem aan die kliënt dat prentjies soms 'n storie kan vertel wat woorde nie altyd kan vertel nie. Lowenfeld neem die kliënt dan na die sandbak en verduidelik dat die sand gebruik kan word soos wat dit in die sandbak lê deur voorwerpe daarop te plaas, of dat die sand rondgeskuif kan word. Sy noem dat die blou bodem van die sandbak gebruik kan word om water voor te stel of dat die kliënt water in die sandbak mag gebruik. Daarna wys Lowenfeld aan die kliënt die inhoud van die kaste vol miniatuurfigure en vra haar om 'n prentjie in die sand uit te beeld deur enige of geen van die objekte in die kaste te gebruik (Hong, 2011; Mitchell & Friedman, 1994).

Dora Kalff (wat die eerste persoon is wat die term sandspelterapie gebruik het) het gewoonlik aan 'n kliënt gesê: *Look over the shelves until you find something that speaks to you and put it in the tray and then add to it as you wish* (McNally, 2011).

'n Eriksoniaanse benadering tot sandspelterapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingsgeurnis ervaar

Mitchell en Friedman (1994) se instruksies aan die deelnemer was amper dieselfde as die van Kalf. Weinrib (1983) was van mening dat die kliënt voor die leë sandbak of die kaste vol miniatuurfigure moes staan en vir 'n gedagte of 'n beeld moes wag alvorens sy die sandtoneel begin bou. Ammann (1991) het dieselfde benadering as Weinrib gevolg.

Ek het die aanvanklike instruksies aan die deelnemers gegee op dieselfde direkte manier waarop Lowenfeld haar instruksies aan kliënte gegee het wat vir sandspelterapie by haar was. Die volgende is 'n aanhaling uit my transkripsies ten opsigte van **Verlore** (Sessie 1, bl. 15):

***Tannie wil hê dat jy nou vir my 'n toneel in die sand moet bou. Die heerlikheid van die sand is dat jy hier kan doen net wat jy wil. Daar is nie regtig reëls nie. Jy kan enige-iets in die sand doen. Jy kan besluit dat jy van die speelgoed in die kaste wil gebruik of jy kan besluit dat jy net die sand wil gebruik. Daar is water vir ingeval jy besluit jy wil die sand natmaak of 'n rivier of die see wil uitbeeld. Dit is jou toneel en jy moet bou wat in jou hart is. Jy moet nou vir my dink wat jy beleef het toe ek die storie vir jou vertel het. Dit wat jy gedurende die storie beleef het moet jy vir my in die sand uitbeeld op enige manier wat jy graag wil.***

Die verskil tussen my navorsing en die navorsing wat gerapporteer word in die beskikbare literatuur ten opsigte van sandspelterapie is dat die kliënt gedurende klassieke sandspelterapie enige toneel kan bou. Hierteenoor moes die deelnemer aan my navorsing dit wat gedurende die storievertelling beleef is in die sand voorstel. My oogmerk hiermee was om vas te stel of die uitbeelding van die storie in die sand die deelnemer moontlik kon ondersteun om onbewustelik 'n brug te bou tussen die Ericksoniaanse benadering tot terapie (storievertelling) en 'n persoonlike verbintenis met die storie. So 'n handeling sou bydra tot die toepassing van die terapeutiese metafoor in die deelnemer se lewe.

Ek het aanvanklik gereken dat ek die instruksies duidelik genoeg aan die deelnemers oorgedra het voordat hulle met hul sandtoneel moes begin, maar tog was sommige

'n Eriksoniaanse benadering tot sandspeltherapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingsgeurnis ervaar

van hulle steeds onseker van wat van hulle verwag word. Ek stel voor dat meer aandag gegee word aan die aanvanklike instruksies voordat die deelnemer die eerste sandtoneel bou, sodat sy nie onseker voel oor wat in die sand gedoen moet word nie.

Sekere deelnemers het ná die eerste Eriksoniaanse benadering tot terapie heelwat vrae oor die sandspelproses gehad. *Denker* het gevra: *Mag ek 'n mannetjie vat?* (Sessie 1, bl. 23). *Kan ek teken met my vinger?* (Sessie 2, bl. 9). *Denker* en *Skaduwee* was onseker oor die gebruik van water in die sandbak. *Denker* wou weet of hy die water kon ingooi (Sessie 1, bl. 24), terwyl *Skaduwee* wou seker maak of sy water kon gebruik (Sessie 1, bl. 5). *Hoopvol* was aan die begin en selfs ook gedurende die verdere sessies onseker oor wat sy in die sand moes uitbeeld (Sessie 2, bl. 14). Sy het heelwat vrae gevra voor sy met haar sandtoneel begin het, byvoorbeeld: *So, as ek in my kamer was dan moet ek nou my kamer neersit? Wat kan ek gebruik as 'n ligbal tannie? Is dit al wat ek moet doen? Hoe moet ek dit bou? So moet ek bou wat ek van myself geleer het? En as ek dit wat ek ervaar het nie beskryf kan word nie tannie, wat dan?* (Sessie 2, bl. 15; Sessie 4, bl. 17; Sessie 5, bl. 13).

Namate die deelnemers gewoond geraak het aan die Eriksoniaanse benadering tot terapie gekombineer met sandspeltherapie het hulle al hoe minder gevra hoe hulle hul storie moes uitbeeld en meer kreatief geraak (Refleksiejoernaal van navorser: Deelnemer B, bl. 9). Die deelnemers het soms gesels terwyl hulle die sandtonele uitgebeeld het, en ander kere het hulle dit in stilte gebou. Hierdie waarneming kom ooreen met die bevindinge van Johnson, James en Wardle (2005), Pearson en Wilson (2001) en Steinhardt (2000) wat almal noem dat sommige kinders met hulself praat gedurende sandtonele en dat ander stil werk. Volgens hierdie skrywers mag sommige kliënte kies om te praat nadat hulle die sandtoneel afgehandel het terwyl ander moontlik nooit 'n woord sê oor die sandtoneel wat hulle gebou het nie. Pearson en Wilson (2001) noem dat innerlike transformasie plaasvind selfs al weet die terapeut nie presies wat gedurende die sandspelproses met die deelnemer gebeur nie.

'n Eriksoniaanse benadering tot sandspelterapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingssteurnis ervaar

Ek steun hierdie siening van Pearson en Wilson en het nie gedurende my navorsing daarop aangedring dat die deelnemers die sandtoneel wat gebou is moes verklaar nie. Voorgenoemde skrywers noem dat die kliënt soms vinnig tot op die bodem van die sandbak sal grawe (*Verlore*, Sessie 1, bl. 15) en elke sandkorrel sal omkeer (*Storieprinses*, Sessie 2, bl. 13) terwyl ander eers die boonste sand sal glad maak (*Denker*, Sessie 3, bl. 12). Ander deelnemers aan my studie het glad nie aanklank daarby gevind om met die sand self te speel nie en het onmiddellik voorwerpe gekies om op die sand te plaas (*Skulpie*, Sessie 3, bl. 10).

*Denker* (Sessie 1, bl. 22) het in een van sy sessies die volgende verduidelik: *Die mannetjie mag nie smile of enige-iets nie. Ja, hy sal werk. Hy kan werk. Hy kan werk.* Hy wou die mannetjie as homself voorstel en omdat hy homself as 'n ernstige, stil mens sien, moes die mannetjie ook ernstig en stil wees. *Denker* het dus oor die vermoë beskik om homself in die storie in te leef en deel daarvan te word. Terwyl *Denker* besig was om sy toneel in die sand te bou, het hy gewoonlik verduidelik wat hy besig was om te doen (Sessie 2, bl. 10,13; Sessie 3, bl. 13-15).



(*Denker*, Sessie 4)

*Storieprinses* het telkemaal haar eie storie in die sand uitgebeeld. Soms sou sy met die storie begin wat ek aanvanklik vertel het, maar dan het sy vinnig in haar eie storie vasgevang geraak. Sy het nie een keer 'n stil toneel gebou nie, maar telkens 'n verhaal vol beweging en energie in die sand laat ontvou. Die ander deelnemers het stil tonele gebou, wat beteken dat hulle besluit het wat hulle wou bou, die figure en speelgoed in die sand neergesit het, dit rondgeskuif het soos hulle die toneel graag wou uitbeeld en die toneel dan so gelaat het.

'n Ericksoniaanse benadering tot sandspelterapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingsteurnis ervaar

Ek het aanvanklik gewonder of *Storieprinses* weerstand teen die proses bied, maar het vinnig beseft dat dit nie die geval was nie. Sy is 'n visueel kreatiewe dogtertjie wat die sandspel geniet en vinnig meegevoel geraak het deur haar spel. Alhoewel die doel van die navorsing was om vas te stel wat die invloed is van die Ericksoniaanse benadering gekombineer met sandspelterapie met kinders en adolessente wat depressie as ontwikkelingsteurnis ervaar, was die intensie van die terapeutiese ingreep nie om enige deelnemer te benadeel nie. *Storieprinses* se behoefte was om haar eie tonele in die sand uit te beeld eerder as om die terapeutiese metafoor wat ek aan haar voorgedra het uit te beeld, wat beteken het dat sy 'n onbewuste probleem in die sand voorgedra het (Kalff, 2007). Die konflik wat sy ervaar het, is vanaf haar innerlike wêreld (onbewuste emosies en belewenisse) blootgestel aan die uiterlike wêreld (sandspeltoneel) (Kalff, 2007). Ek het *Storieprinses* toegelaat om die sandspelproses te volg wat in sandspelterapie voorgedra word. Ek het nie die simbole en betekenis van haar sandspeltonele geïnterpreteer nie aangesien dit nie 'n deel van hierdie spesifieke studie uitgemaak het nie.



(*Storieprinses*, Sessie 1)

Wanneer die Ericksoniaanse benadering tot terapie met sandspelterapie gekombineer word, is dit belangrik om die kind of adolessent toe te laat om kreatief te wees. Ek het *Storieprinses* toegelaat om haar eie stories vol beweging in die sand uit te beeld. Dit het meegebring dat ek nie altyd al die fasette van haar storie kon fotografeer nie aangesien die storie soveel keer tydens 'n sessie verander het. Die afgehandelde sandspeltoneel was gewoonlik 'n deurmekaarspul. Ek het in daardie

'n Ericksoniaanse benadering tot sandspelterapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingsgebeurtenis ervaar

stadium gevoel dat dit belangriker vir **Storieprinses** was om uiting aan haar emosies te gee as wat dit vir my was om van haar sandtonele te probeer sin maak.

Pearson en Wilson (2001) glo dat kinders soos **Storieprinses**, wat emosionele trauma beleef het, dit moeilik vind om die trauma te beskryf. Om hierdie rede is sandspelterapie, waar die kind of adolessent nie nodig het om die traumatiese gebeure te beskryf nie, 'n goeie vorm van terapie. Carey (1999; 2006), Kalff (1980, 2007) asook Webb en Doka (2010) stem saam met Pearson en Wilson (2001). Carey (2006) noem dat sand oor helende kwaliteite beskik en oor die eeue heen gebruik is vir helende rituele deur onder andere die Navajo Indiane. Alhoewel **Storieprinses** nie die storie wat ek vir haar vertel het in die sand uitgebeeld het nie, sou sy moontlik tog baat gevind het by die terapie soos wat Carey (1999; 2006), Kalff (2007), Pearson en Wilson (2001) asook Webb en Doka (2010) dit beskryf.

### iii) Sandspel: ondersteunend tot begrip van terapeutiese metafoor

Die mate waartoe die deelnemers aan die studie getoon het dat die sandspelterapie na afloop van die Ericksoniaanse storievertelling hulle ondersteun het om die terapeutiese metafoor te verstaan en in hul eie lewens toe te pas, het gewissel.

- **Verlore**

**Verlore** was in staat om na die Ericksoniaanse benadering tot terapie (storievertelling) te luister en om die storie, soos wat hy dit beleef het, in die sand uit te beeld. Hy het gewoonlik na afloop van sy sandspeltoneel sy toneel verklaar. Die verklaring van sy toneel was 'n herhaling van die storie wat aan hom vertel is: **Hier is die boom wat opgehou het om te groei. Hier is die ander bome in die woud wat mooi groen en gesond was en wat gedink het die boompie is dood, maar eintlik was hy nie dood nie. Die boompie is deur die weerlig raakgeslaan en omdat hy so geskrik het, het hy geglo hy kan nie meer groei nie. Toe kom daar 'n bok wat meer gesien het as die ander bome en hy het die boom wat dood gelyk het gehelp om te glo hy kan weer begin groei** (Sessie 5, bl. 12). Op my vraag wat die storie vir hom beteken het, het **Verlore** geantwoord: **Met goeie vriendskap kan jy in die wêreld êrens kom en weet jy is nie alleen nie.**



'n Eriksoniaanse benadering tot sandspelletapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingsteurnis ervaar



(*Verlore*, Sessie 5, bl. 12)

- **Skulpie**

**Skulpie** het na die storievertelling geluister en daarna die storie in die sand uitgebeeld. Ek het soms die gevoel gekry dat **Skulpie** nie die dieper betekenis van die metafore verstaan het nie, maar tog, wanneer ek haar daarna gevra het, sou sy haar begrip van haar sandtoneel kon verduidelik. In Sessie 4 (bl. 9) het sy haar sandtoneel soos volg verklaar: **Ek het 'n sirkeltjie hier gemaak van die koeie. Hulle oumas staan en praat toe het ek families gemaak van perde. Hierso het ek families gemaak van die wilde diere. Hulle almal staan en gesels, soos wat dit in die storie was en hierso is nou die dokter. Ek het uit die storie geleer dat ons almal lyk nie dieselfde nie, al is ons familie en ons dink ook nie dieselfde nie. Dit maak nie saak nie want ons is nog steeds lief vir mekaar.**

Een van die leemtes van my navorsing was dat ek moontlik nie genoeg gefokus het op wat die storie vir die deelnemer beteken en hoe die deelnemer die terapeutiese metafoor in haar eie lewe kon toepas nie. Die feit dat ek nie deur my navorsing kon 'bewys' dat **Verlore** nie die terapeutiese metafoor in sy lewe kon toepas nie, beteken nietemin ook nie dat die terapeutiese metafoor nie in sy doel geslaag het nie. Een afleiding wat dalk wel gemaak kan word, is dat dit moontlik kan beteken dat **Verlore** op 'n later stadium die boodskap van die terapeutiese metafoor op 'n dieper vlak sou onthou en verstaan wanneer hy sou nodig hê om die dieper betekenis te verstaan (Geary & Zeig, 2001).



'n Ericksoniaanse benadering tot sandspelterapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingsgeurnis ervaar

- **Denker, Skaduwee, Skulpie, Hoopvol**

**Denker** en **Skaduwee** was in staat om na die Ericksoniaanse benadering tot terapie (storievertelling) te luister en om die storie, soos wat hulle dit beleef het, in die sand uit te beeld. **Denker** het na afloop van die gekombineerde benadering die terapeutiese metafoor in sy lewe toegepas, maar **Skaduwee** was nie in staat om dit te doen nie. Gedurende Sessie 6 (bl. 14) het **Denker** die volgende gesê: **Die stories en die prentjies in die sand help my as ek hartseer is en ek wil wegloop en so, dan dink ek aan die stories en hoe ek dit gebou het.** **Skaduwee** het haar sandspeltoneel as volg beleef: **Okay, dis my hart wat ek gevat het en binne in is soos al die seerkry goedjies binne in my hart. Die wurm is al die slegte goed wat uitkom. Dit is soos my woede en jaloesie. Partykeer is dit goed dat dit uitkom en ander kere sleg want ek haal partykeer die slegte goed wat uitkom op ander mense uit. Maar andersins is dit ook goed dat dit uitkom want dan kan ek my hart skoon kry van al die seer af. Die huis is my droomhuis waar ek altyd wil bly. Dit is soos my eie verbeeldingswêreld en dat ek as ek daar is kan wegbreek van al die seer af** (Sessie 3, bl. 12).



(**Skaduwee**, Sessie 3, bl. 12)

**Skaduwee** was in staat om die terapeutiese metafoor deur middel van die sandspelterapie te verklaar en na haar eie lewe in die terapiekamer deur te trek. **Skaduwee** kon egter nie die lesse wat sy in die terapiekamer geleer het op 'n permanente grondslag in haar alledaagse lewe toepas nie.

**Hoopvol** het haar laaste sandtoneel as volg beskryf: **Ek het myself in die nou gesit, toe kom ek agter, maak nie saak watse slegte goed in my lewe is nie (ek self,**

'n Ericksoniaanse benadering tot sandspeltherapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingsgebeurtenis ervaar

**my ma-hulle, my sussie en haar ou of wie ook al, my vriende) hulle kan my help om daardie slegte goed na goeie goed te kan verander en ek het 'n nuwe ligbal gekry waar al my klippe in is en ek het geleer hoe om hulle uit te gooi – om al die slegte goed uit te gooi** (Sessie 5, bl. 13). **Hoopvol** was in staat om die sandspel te gebruik om die dieper betekenis van die terapeutiese metafoor haar eie te maak en in haar lewe toe te pas.



(**Hoopvol**, Sessie 5, bl. 13)

- **Storieprinses**

**Storieprinses** het aandagtig na die stories geluister en was gewoonlik 'n deel van die storie wat ek aan haar vertel het. Wanneer sy egter die storie in die sand moes uitbeeld het sy gekies om haar eie storie uit te beeld. Na afloop van die storievertelling het ek haar gevra om die storie waarna sy geluister het in die sand uit te beeld en sy het die volgende geantwoord: **Oh, I can't. What about a different one?** (Sessie 6, bl. 10). **Storieprinses** het nie een keer gedurende die navorsing die storie wat ek aan haar vertel het in die sand uitgebeeld nie. Ek is onseker of sy die terapeutiese metafoor wat op haar van toepassing was in haar eie lewe toegepas het. Gedurende ons terapeutiese sessies het dit nie vir my voorgekom asof die sandspeltherapie haar ondersteun het om die terapeutiese metafoor van die storie te verstaan nie. **Denker** en **Skaduwee** was in staat om na die Ericksoniaanse benadering tot terapie (storievertelling) te luister en om die storie, soos wat hulle dit beleef het, in die sand uit te beeld. **Denker** het na afloop van die gekombineerde benadering die terapeutiese metafoor in sy lewe toegepas, maar **Skaduwee** was nie in staat om dit te doen nie.

'n Eriksoniaanse benadering tot sandspelterapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingsteurnis ervaar

**Hoopvol** was in staat om die sandspel te gebruik om die dieper betekenis van die terapeutiese metafoor haar eie te maak en in haar lewe toe te pas.

#### iv) Opsomming van deelnemers se beleving van die sandspel-momente

Die deelnemers aan my navorsing het die sandspel-momente verskillend beleef. Van die deelnemers was aanvanklik onseker van wat hier van hulle verwag was terwyl ander die proses dadelik aangeneem het. Sommige deelnemers het gepraat terwyl hulle die sandspel toneel gebou het, terwyl ander die toneel in stilte gebou het.

Watter moontlike waarde het die Ericksoniaanse benadering tot terapie en sandspelterapie ingehou vir die ses deelnemers wat depressie as ontwikkelingsteurnis ervaar het? **Storieprinses** se behoefte was om haar eie tonele in die sand uit te beeld eerder as die terapeutiese metafoor wat ek aan haar voorgedra het. Sy het dus 'n onbewuste probleem in die sand voorgedra (Kalff, 2007). Die konflik wat sy ervaar het is vanaf haar innerlike wêreld (onbewuste emosies en belewenisse) aan die uiterlike wêreld (sandspeltoneel) blootgestel (Kalff, 2007). Ek het **Storieprinses** toegelaat om die voorgedra sandspelproses tydens sandspelterapie te volg. **Verlore** was in staat om na die storievertelling te luister en om sy beleving daarvan in die sand uit te beeld. Hy het gewoonlik na afloop van sy sandspeltoneel sy toneel verklaar.

**Skulpie** het na die storievertelling geluister en daarna die storie in die sand uitgebeeld. Hoewel ek soms gevoel het dat **Skulpie** nie die dieper betekenis van die metafoor verstaan nie, kon sy tog haar begrip van haar sandtoneel verduidelik.

**Hoopvol** was in staat om die sandspel te gebruik om die dieper betekenis van die terapeutiese metafoor haar eie te maak en in haar lewe toe te pas.

In Tabel 5.7 word deelnemers se belewenis van sandspel-momente uitgebeeld.

**Tabel 5.7: Deelnemer se belewenis van sandspel-momente**

	<b>Storieprinses</b>	<b>Denker</b>	<b>Skulpie</b>	<b>Verlore</b>	<b>Hoopvol</b>	<b>Skaduwee</b>
Onsekerheidsbeleving		✓	✓		✓	✓
Geen onsekerheidsbeleving	✓			✓		
Praat gedurende sandspel	✓	✓		✓		

'n Eriksoniaanse benadering tot sandspelterapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingsgeurnis ervaar

	<i>Storie-prinses</i>	<i>Denker</i>	<i>Skulpie</i>	<i>Verlore</i>	<i>Hoopvol</i>	<i>Skaduwee</i>
Stil gedurende sandspel			✓		✓	✓
Luister na storie	✓	✓	✓	✓	✓	✓
Beeld storie in sand uit	✓	✓	✓	✓	✓	✓
Verstaan boodskap van storie		✓	✓		✓	✓
Pas storie toe in lewe		✓	✓		✓	

Vervolgens word Tema 2 en subtema 2.1 bespreek.

### **5.3.1.3:Tema 2 en subtema 2.1**

**TEMA 2:  
DEELNEMERS SE BEGRIP VAN DIE ERICKSONIAANSE BENADERING TOT TERAPIE  
GEKOMBINEER MET SANDSPELTERAPIE**

**SUBTEMA 2.1:  
DEELNEMERS SE VERKLARING EN BEGRIP VAN DIE STORIEVERTEL-MOMENTE**

#### **i) Inleiding**

In hierdie gedeelte word die deelnemers se verklaring en begrip van die storievertel-momente afsonderlik ondersoek en bespreek.

#### **ii) Deelnemers se verklaring en begrip van die storievertel-momente**

- ***Storieprinses***

***Storieprinses*** was in staat om haarself in elke storie in te leef. Sy was 'n deel van die storie en het graag gedurende die sessies vryelik kommentaar gelewer. Wat uniek aan ***Storieprinses*** was, was dat sy na elke storievertelling, haar eie storie begin vertel het. Die volgende is reaksies van ***Storieprinses*** na afloop van die Ericksoniaanse benadering tot terapie: ***Can I do my own story?*** (Sessie 4, bl. 19); ***Maybe I can make up a princess story*** (Sessie 4, bl. 5); ***My story is better*** (Sessie 5, bl. 11); ***But my story is different*** (Sessie 7, bl. 10).

Ek het haar toegelaat om telkens haar eie storie te vertel en haar eie storie dan later in die sand uit te beeld omdat dit na my mening haar manier was om van haar opgekropte emosies ontslae te raak. Ek was van mening dat ***Storieprinses*** meer

'n Ericksoniaanse benadering tot sandspelterapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingssteurnis ervaar

daarby sou baat om haar eie storie te vertel en in die sand uit te beeld as wat ek haar sou dwing om die storie wat ek vir haar gekies het te onthou en in die sand uit te beeld. Lovern (in Zeig, 1994) is van mening dat Ericksoniaanse terapie gekenmerk word deur die feit dat die terapeut elke deelnemer as 'n unieke individu beskou wat 'n unieke terapeutiese ingreep behoort te ontvang. Lankton (2004) en Rosen (in Zeig & Lankton, 1988) stem hiermee saam. Ek het gedurende hierdie navorsing gepoog om elke deelnemer as 'n unieke individu te beskou en het 'n unieke terapeutiese ingreep vir elkeen beplan na gelang van die probleme wat die deelnemer ervaar het.

**Storieprinses** is 'n kreatiewe dogtertjie met 'n ryk verbeelding en stories is 'n belangrike deel van haar lewe. Nie alle kinders is so kreatief en verbeeldingryk nie. Volgens Lankton (2004) en Zeig (1994) asook; Zeig en Lankton (1988) is dit in terapie te alle tye nodig om die kind as 'n individu met unieke behoeftes te beskou. Hoewel my navorsing daarop gefokus was om vas te stel wat die waarde is van die Ericksoniaanse benadering tot terapie gekombineer met sandspelterapie vir kinders en adolessente met depressie as ontwikkelingssteurnis, was dit vir my as terapeut belangriker om te verseker dat ek te alle tye doen wat in die beste belang van die deelnemer sou wees. Een van die grootste uitdagings van my navorsing was om my terapeutiese hoed vir 'n navorsingshoed te verruil, aangesien ek geneig was om as terapeut te dink en nie noodwendig as 'n navorser nie.

**Storieprinses** het slegs gedurende Sessie 4 (bl. 21) die storie wat ek aan haar vertel het in die sand begin uitbeeld, waar sy die volgende opmerking gemaak het: **She has to put her head in the tunnel. Then she says she's lost. I'm lost.** Dit was een van die enkele kere dat **Storieprinses** die storie wat ek vertel het, gebruik het. Haar laaste sinnetjie het aangedui dat sy ook voel dat sy verlore is. Kort hierna het sy egter besluit om die terapeutiese storie te laat vaar en haar eie storie in die sand uit te beeld.

Ek het by Tema 1, subtema 1.1 die drie fases verduidelik waardeur die terapeutiese metafoor gedurende storievertelling beweeg (Mills & Crowley, 2001). **Storieprinses** het aandagtig na die stories geluister, wat beteken het dat sy die oppervlak betekenisstruktuur (*surface structure of meaning*) gehoor het. Dit het egter vir my

'n Eriksoniaanse benadering tot sandspelterapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingsgeurnis ervaar

voorgekom asof sy nie die geassosieerde dieper betekenisstruktuur (*associated deep structure*) kon aktiveer wat indirek relevant vir haar was nie (Burns, 2007; Burns, 2009; Mills & Crowley, 2001; Ruggiero, 2007). Aangesien sy nie in staat was om die dieper betekenisstruktuur te aktiveer nie, sou sy ook nie die herstelde dieper betekenisstruktuur (*recovered deep structure*) kon aktiveer wat direk relevant vir haar lewe was nie (Burns, 2007; Burns, 2009; Mills & Crowley, 2001; Ruggiero, 2007).

**Storieprinses** het die stories geniet wat ek aan haar vertel het, maar sy was nie in staat om die stories vir haar eie lewe te verklaar of te begryp nie. Sy kon ook nie die stories persoonlik in haar lewe toepas nie, wat volgens Ruggiero (2007) beteken dat verandering moontlik nie plaasgevind het nie. My bevinding kom ooreen met Erickson se teorie dat elke individu in staat is om die boodskap te hoor en te begryp op die vlak wat vir die individu op daardie spesifieke stadium bruikbaar is (Geary & Zeig, 2001). My hoop vir **Storieprinses**, wat strook met Erickson se teorie, was dat sy die pertinente boodskap van die terapeutiese metafoor moontlik later op 'n dieper vlak sou onthou en verstaan wanneer dit vir haar nodig sou wees om die dieper betekenis te verstaan.

- Verlore

**Verlore** het te alle tye goeie samewerking gegee en alles gedoen wat ek in terapie van hom verwag het. Hy het die konsep van klippe uit die ligbal gooi goed verstaan en so verklaar: ***Nie almal kan al die klippe uit hulle ligbal uithaal nie. Daar kan nog klippe in 'n mens se lewe wees, byvoorbeeld probleme*** (Refleksiejoernaal, bl. 2). Ek dink nie dat hy al die stories wat ons gedurende die Ericksonaanse benadering tot terapie vertel het deel van sy lewe gemaak het nie. Hy sou gewoonlik presies onthou waaroor die storie gegaan het, maar het dit nie noodwendig op sy eie lewe van toepassing gemaak nie: ***Ek het die blom jammer gekry, maar hy het gelukkig 'n veilige plek gekry*** (Refleksiejoernaal, bl. 3). Soos vir **Storieprinses** was my hoop vir **Verlore** dat hy die pertinente boodskap van die terapeutiese metafoor moontlik later op 'n dieper vlak sou onthou en verstaan wanneer dit vir hom nodig sou wees om die dieper betekenis te verstaan.



'n Ericksoniaanse benadering tot sandspelletapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingsgeurnis ervaar

- **Denker**

**Denker** het die gekombineerde twee benaderings wat gedurende die terapeutiese ingreep gevolg was soos volg geïnterpreteer: **Ek moet doen wat die storie sê; Die storie kan my help in my lewe** (Refleksiejoernaal van Deelnemer, bl. 3); **As jy soos die voël doen ... wat die voël doen ... so kan ek die storie in my lewe gebruik** (Refleksiejoernaal van Deelnemer, bl. 3); **Die storie het my geleer om my gedagtes te gebruik en my verbeelding; Moenie aan die slegte gedagtes dink nie** (Refleksiejoernaal van Deelnemer, bl. 5); **Wel, ek sit en dink. Ek gaan na daai voël toe. Ek klim op hom en ek ry. Ek vat my ligbal en ek keer hom om** (Sessie 6, bl. 16).

**Denker** het getoon dat hy die stories wat ek aan hom vertel het begryp het en dat hy in staat was om die Ericksoniaanse benadering tot terapie en die storievertelling wat daarmee gepaard gegaan het sy eie te maak, en ook in sy lewe toe te pas. Hy kon in ons laaste sessie noem wat hom bekommer het, ten spyte daarvan dat hy in Sessie 1 gesê het dat hy nie oor sy probleme wou praat nie: **Ons kan nie rêrig baie kos vir ons honde gee nie. Ons het 5 honde en 1 groot ... ons het vier klein hondjies en een grote en hulle is baie maer want ons kan nie hulle baie kos gee nie. En ons het nie baie geld nie, omtrent net genoeg vir kos in 'n maand en vir die water en ligte, net genoeg geld vir dit. Ons kry so sleg. Ons trek so swaar. Ons kry swaar want my ma kan omtrent net so, omtrent vyftig rand uithaal vir shop en so aan. Ons trek so swaar en alles. Ek moet try om saam te werk en om hulle te help om geld te maak. Ek gaan werk vir geld. Dalk by tannie Tokkie gaan ek vra of ek iets by haar huis kan doen, of na die bure daar kyk, net 'n ogie hou vir so tien rand of vyf rand** (Sessie 6, bl. 24, 25).

Volgens **Denker** se reaksie het dit voorgekom asof hy die bedekte metaforiese boodskappe in die stories kon verstaan en sy eie maak. **Denker** het 'n persoonlike verbintenis met die boodskap van die storie gemaak en daardeur het die terapeutiese metafoor vir hom persoonlike betekenis gekry en was hy in staat om hierdie persoonlike betekenis op sy eie lewe van toepassing te maak (Mills & Crowley, 2001). **Denker** het die herstelde dieper betekenisstruktuur (*recovered deep structure*) waarvan Mills en Crowley (2001) praat en wat in Tema 1, subtema 1.1 volledig



'n Eriksoniaanse benadering tot sandspelterapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingsgeurnis ervaar

bespreek is, in terapie toegepas. Wanneer na **Denker** se verklaring en begrip van die storievertel-momente gekyk word, wil dit voorkom asof die gekombineerde benadering wat in die navorsing gebruik is, hom moontlik ondersteun het om die terapeutiese metafoor te verstaan en vir homself te verklaar sodat hy die terapeutiese metafoor in sy lewe kon toepas.

- **Skulpie**

Ek was nie altyd seker of **Skulpie** die boodskap van die storie verstaan het en haar eie kon maak nie. Na die data-analise het dit egter geblyk dat sy dit wel reggekry het: **Die storie help om probleme reg te maak** (Refleksiejoernaal van deelnemer, bl. 4). **... dat ek moet gelukkig wees met die familie wat ek het en hulle liefhê. Ons is nie altyd almal dieselfde nie, net soos wat ander nie altyd lyk soos ek nie** (Sessie 5, bl. 3, 4). Gedurende terapie met **Skulpie** het dit vir my gevoel asof ek haar meer as die ander deelnemers moes ondersteun sodat sy die meeste van die terapeutiese ingreep kon maak. Ek het heelparty keer onseker gevoel of **Skulpie** werklik by haar eie proses betrokke was (soos reeds aangedui in subtema 1.1). Sy het motivering nodig gehad om haar refleksiejoernaal op datum te hou en daarin te werk. Sy sou byvoorbeeld nie uit haar eie inskrywings of tekeninge in die refleksiejoernaal maak nie. Die joernaalinskrywings was juis vir hierdie studie van kardinale belang aangesien ek daarin kon lees of die deelnemers die proses verstaan en by hul eie heling betrokke was.

**Skulpie** het aandagtig na die stories geluister wat waarsynlik beteken het dat sy die oppervlaktbetekenisstruktuur (*surface structure of meaning*) gesnap het (Mills & Crowley, 2001). Die stories wat aan haar vertel is, het die geassosieerde dieper betekenisstruktuur (*associated deep structure*) geaktiveer wat haar in staat gestel het om die herstelde dieper betekenisstruktuur (*recovered deep structure*) te begryp (Mills & Crowley, 2001).<sup>32</sup> Dit wou voorkom asof **Skulpie** tog 'n brug gebou het tussen die boodskap van die storie en 'n persoonlike verbintenis daarmee, wat haar in staat gestel het om persoonlike betekenis aan die terapeutiese metafoor te gee en hierdie

---

<sup>32</sup> Hierdie 3 fases is volledig bespreek onder Tema 1, subtema 1.1

'n Eriksoniaanse benadering tot sandspelterapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingsgebeurtenis ervaar

persoonlike betekenis op haar lewe van toepassing te maak (Mills & Crowley, 2001). Die manier waarop **Skulpie** haar belewenis van die storievertel-momente verklaar het, dui daarop dat die gekombineerde benadering wat in hierdie navorsing voorgestel word, haar moontlik kon ondersteun om die dieper betekenisstruktuur van die storie in haar eie lewe toe te pas.

- **Hoopvol** en **Skaduwee**

Gedurende die Ericksoniaanse storievertelling het dit gelyk asof **Hoopvol** en **Skaduwee** die storievertelling geniet het. **Hoopvol** het die uitgooi van die klippe haar eie gemaak: **Die klippe was vir my baie skokkend om te sien wat my alles pla: my ouers, Y, my sussie, die skool en meer belangrik myself** (Refleksiejoernaal, bl. 1). Op 'n stadium was **Hoopvol** bekommerd en onrustig en het sy die volgende opmerking gemaak: **Ek kan nie van die klippe ontslae raak nie. Ek dink hulle het my nog nie vergewe nie. Ek kan nie vergeet nie. Ek dink ook as hulle my vergewe sal ek ook beter voel** (Sessie 3, bl. 8). **Hoopvol** en **Skaduwee** was in staat om die storievertel-momente te verstaan en kon 'n brug bou tussen die woorde van die storie en die persoonlike betekenis wat die terapeutiese metafoor op daardie stadium in hul lewens gehad het. Hoewel **Skaduwee** 'n begrip getoon het vir die stories en die persoonlike betekenis daarvan verstaan het, het sy nie die storie op haar eie lewe van toepassing gemaak nie.

## ii) Opsomming van die deelnemers se verklaring en begrip van die storievertel-momente

Die deelnemers het nie almal dieselfde verklaring en begrip van die storievertel-momente gehad nie. Die ses deelnemers wat aan die studie deelgeneem het, het aandagtig na die terapeutiese stories geluister. Dit wou voorkom asof almal 'n brug kon bou tussen die metafoor en die onbewuste boodskap van die storie (fase 1). Al die deelnemers behalwe **Storieprinses** kon 'n persoonlike verbintenis met die storie maak, terwyl **Denker**, **Skulpie** en **Hoopvol** in staat was om die persoonlike betekenis wat die terapeutiese metafoor vir hulle ingehou het, te snap en post-terapeuties op hul lewens toe te pas.

'n Eriksoniaanse benadering tot sandspeltherapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingsgebeurtenis ervaar

Die vraag bly nou of die sandspeltherapie die deelnemers moontlik in staat gestel het om die boodskap van die terapeutiese metafoor meer bewustelik na hul lewens deur te trek ten einde hulle te ondersteun met die probleme (in hierdie geval depressie) wat hulle ervaar het. In Tabel 5.8 word die onderskeie deelnemers se verklaring en begrip van die storievertel-momente aangedui.

**Tabel 5.8: Deelnemers se verklaring en begrip van die storievertel-momente**

	<i>Storie-prinses</i>	<i>Denker</i>	<i>Skulpie</i>	<i>Verlore</i>	<i>Hoopvol</i>	<i>Skaduwee</i>
Deelnemer het na storie geluister		✓	✓	✓	✓	✓
Persoonlike verbintenis met storie	x	✓	✓	Soms	✓	✓
Deelnemer kon storie in haar lewe toepas	Moontlik op 'n later stadium	✓	✓	x	✓	x

Vervolgens word die deelnemers se verklaring en begrip van die sandspel-momente bespreek.

### **5.3.1.4: Tema 2, subtema 2.2**

**TEMA 2:  
DEELNEMERS SE BEGRIP VAN DIE ERICKSONIAANSE BENADERING TOT TERAPIE  
GEKOMBINEER MET SANDSPELTERAPIE**

**SUBTEMA 2. 2:  
DEELNEMERS SE VERKLARING EN BEGRIP VAN DIE SANDSPEL-MOMENTE**

#### **i) Inleiding**

Die deelnemers se verklaring en begrip van die sandspel-momente is veral belangrik aangesien ek wou vasstel of hulle moontlik die dieper betekenis van die terapeutiese metafoor verstaan het. Hierdie gedeelte verteenwoordig potensieel die nuwe kennis wat uit my navorsing geblyk het. Ek het onder andere ondersoek ingestel na wat die impak van die sandspeltherapie op die deelnemer se begrip van die terapeutiese metafoor was en of die sandspel die deelnemer moontlik kon ondersteun om 'n brug te bou tussen die woorde van die storie en die persoonlike betekenis van die storie vir die deelnemer se lewe.

'n Eriksoniaanse benadering tot sandspelterapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingsgebeurtenis ervaar

Fase 2 en 3 wat in subtema 1.1 genoem is, is hier van toepassing. Gedurende fase 2 behoort die deelnemer 'n persoonlike verbintenis met die storie te maak (Mills & Crowley, 2001). Rossi (1972 & 1985) stem saam met Mills en Crowley en noem dat een van die belangrikste funksies van 'n terapeutiese metafoor is om 'n gedeelde realiteitsverskynsel te skep (*shared phenomenological reality*), waar die terapeut vir die deelnemer 'n wêreld skep deur middel van metafore wat die deelnemer ervaar.

Wanneer die persoonlike verbintenis tussen die deelnemer en die storie wel plaasgevind het, kry die terapeutiese metafoor persoonlike betekenis vir die deelnemer (fase 3) en kan die deelnemer moontlik hierdie persoonlike betekenis op haar eie lewe van toepassing maak (Mills & Crowley, 2001). Rossi (1972 & 1985) ondersteun Mills en Crowley se siening en merk op dat daar 'n drie-riktig verhouding tussen die deelnemer, die terapeut en die storie ontstaan. Dit maak dit vir die deelnemer moontlik om met die karakters en gebeure te identifiseer wat in die metafoor voorgestel word. Volgens Gordon (1978) is dit hierdie identifisering wat die transformasionele krag van die metafoor bevat. In fase 3 bou die deelnemer 'n brug wat persoonlike verbintenis skep tussen haarself en die gebeure van die storie sodat sy die storie 'n deel van haar alledaagse lewe kan maak (Burns, 2005; Gordon, 1978; Mills & Crowley, 2001; Rossi, 1985).

My navorsing was onder andere daarop gerig om waar te neem of die deelnemer deur die uitbeelding van die terapeutiese metafoor in die sand moontlik die boodskap van die metafoor bewustelik op haar lewe van toepassing kon maak.

## ii) Deelnemers se verklaring en begrip van die sandspel-momente

- **Skulpie**

**Skulpie** het die stories in die sand uitgebeeld en dit was vir haar moontlik om haar uitbeeldings van die stories te verklaar (Sessie 1, bl. 11; Sessie 2, bl. 17; Sessie 4, bl. 9; Sessie 5, bl. 2; Sessie 6, bl. 5, 6) en in haar lewe toe te pas. Die moontlikheid bestaan dat die sandspelterapie daartoe bygedra het om **Skulpie** te ondersteun om die dieper betekenis van die terapeutiese metafoor te verstaan. Sy het egter nie die dieper betekenis van die metafoor na haar eie lewe deurgetrek nie. In 'n onderhoud

'n Eriksoniaanse benadering tot sandspelterapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingsgebeurtenis ervaar

met haar moeder dui sy aan dat **Skulpie** steeds van die probleme ervaar wat sy aanvanklik met die aanvang van terapie ervaar het (Onderhoud 1, bl.13).



(**Skulpie**, Sessie 2)

- **Verlore**

**Verlore** het gepoog om die storie soos wat ek dit aan hom vertel het in die sand uit te beeld en weer terug aan my te verduidelik (Sessie 1, bl. 16, 17; Sessie 3, bl. 13, 14; Sessie 6, bl. 8). Hy het nie een maal gedurende die sandspelterapie laat blyk dat hy die dieper betekenis van die uitbeelding van die storie in die sand raakgesien het en in sy eie lewe toegepas het nie. Ten spyte daarvan ondersteun ek Erickson se siening dat elke individu in staat is om die boodskap te hoor en te begryp op die vlak wat vir die individu op daardie spesifieke stadium bruikbaar is (Geary & Zeig, 2001).

- **Denker**

**Denker** het die proses vinnig gesnap en sy begrip van die storie in die sand begin uitbeeld. Hy het deel geraak van die proses en wanneer hy sy uitbeelding terugvertel het, het hy dit in die eerste persoon gedoen: **Daar's 'n paadjie wat ek ook gesien het na hierdie plekkie toe en dan lê ek die hele tyd so teen die boompie. Ek het ook gedroom dat hier was sulke nattigheid. Daai een was nie daar nie. Okay, ek trek net sulke strepetjies. Daar is die trappies waarteen ek afgeloop het, en al wat ek nou moet doen is 'n deur kry** (Sessie 1, bl. 25).

Mills en Crowley (2001) meen dat wanneer die deelnemer met die terapeutiese metafoor geïdentifiseer het, die deelnemer se gevoel van isolasie met betrekking tot haar probleem (*Ek is die enigste een met so 'n probleem*) vervang word met 'n gevoel van gedeelde ervaring (*Daar is iemand anders met dieselfde probleme as ek*).

'n Eriksoniaanse benadering tot sandspelterapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingssteurnis ervaar

Gardner (1986) en Burns (2005) brei op Mills en Crowley se waarneming uit deur te noem dat die terapeutiese metafoor op 'n nie-bedreigende wyse spesifieke vermoëns en hulpbronne by die deelnemer aktiveer wat die deelnemer in haar eie lewe kan toepas.

Volgens **Denker** se uitbeelding van sy sandspeltoneel en dit wat hy gedurende sandspel oor sy toneel vertel het, wou dit voorkom asof die gekombineerde benadering hom in staat gestel het om te beweeg van bogenoemde gevoel van isolasie na 'n gevoel van gedeelde ervaring.



(**Denker**, Sessie 1)

- **Hoopvol**

**Hoopvol** het haar eerste sandtoneel so verklaar: **Die klippe wat ek uitgehaal het was my ma en pa, my sussie en my skoolonderwysers en dan vir Y. En toe ek terugloop toe het ek – toe ek nou al my klippe en goed uitgegooi het toe het, het daar soos 'n gevoel van vryheid gekom, so asof ek nou net 'n las van my skouers afgehaal het. Dis hoekom die skoenlappers. Hulle is my vlerke van vryheid** (Sessie 2, bl. 16).

**Hoopvol** se sandspel het haar 'n persoonlike verbintenis laat maak tussen die terapeutiese metafoor en haar persoonlike lewe. Sy het die skoenlappers in die sand uitgebeeld en genoem dat die skoenlappers vlerke van vryheid vir haar beteken en dat hierdie vryheid vir haar simboliseer dat 'n las van haar skouers afgeval het.



'n Eriksoniaanse benadering tot sandspelterapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingssteurnis ervaar



(*Hoopvol*, Sessie 2)<sup>33</sup>

Gedurende Sessie 4 (bl. 17) noem *Hoopvol* dat sy nie woorde het vir dit wat sy gedurende die storievertelling ervaar het nie. Hierdie opmerking van *Hoopvol* het my laat uitsien na wat sy in die sand sou uitbeeld en ek wou graag sien of haar sandspeltoneel haar in staat sou stel om uiting aan haar gevoelens te gee aangesien woorde haar ontbreek het.



(*Hoopvol*, Sessie 4)

---

<sup>33</sup> Hierdie foto lyk anders as die ander foto's aangesien dit nodig was om hierdie foto in te skandeer.



'n Eriksoniaanse benadering tot sandspelterapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingsgeurnis ervaar

Na afloop van haar sandspel verklaar **Hoopvol** haar sandtoneel so: **Ek was ontspanne en al die mooi goed was nader en al die slegte goed was verder en kleiner. Ek het besef dat ek die regte besluite moet maak** (Sessie 4, bl. 17).

**Hoopvol** se sandtoneel en haar verklaring daarvan het moontlik daarop gedui dat die sandspel haar ondersteun het om haar gevoelens vir haarself duideliker te maak. Sy kon 'n persoonlike verbintenis met die terapeutiese metafoor maak, asook die metafoor in haar eie lewe toepas. Gedurende haar laaste sessie, het **Hoopvol** die volgende oor haar sandspel toneel gesê: **Ek het myself in die nou gesit, toe kom ek agter dit maak nie saak watse slegte goed in my lewe is nie: Ekself; my ma-hulle; my sussie en haar ou of wie ook al. Ek kan die slegte goed na goeie goed verander** (Sessie 6, bl. 13).

Uit **Hoopvol** se sandspel-momente en haar verklaring daarvan wil dit lyk asof die sandspel haar ondersteun het om te identifiseer met die terapeutiese metafore en om die terapeutiese metafore in haar persoonlike lewe toe te pas.



(**Hoopvol**, Sessie 6)

- **Skaduwee**

**Skaduwee** het haar eerste sandspeltoneel as volg verklaar: **Okay, uhm, dit is 'n lyn tussen my en 'n ou. Okay, dan daai is mans en hierdie is vrouens. Hierdie hier beteken aggressiwiteit en gewelddadigheid en harteloosheid. Ek sien dat ek in 'n bubble is en dat ek nie dalk ... dit voel of ek nie daar kan uitkom nie. Die man is ook in 'n bubble want ek wil hom nooit weer naby my hê nie, en hy is ingesink omdat ek voel hy moet ... hy verdien dit om ingesink te wees** (Sessie 1, bl. 6-9).

'n Eriksoniaanse benadering tot sandspeltherapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingssteurnis ervaar


Deur haar uitbeelding van die terapeutiese metafoor in die sand wys **Skaduwee** dat sy die stories persoonlik op haarself van toepassing kon maak. Sy kon met die terapeutiese metafoor identifiseer en 'n brug bou tussen die terapeutiese metafoor en haar eie lewe (Mills & Crowley, 2001).



(**Skaduwee**, Sessie 1)

Een van die maniere waarop ek kon sien of die deelnemers die proses verstaan en in hulle eie lewens toegepas het, was deur hul refleksiejoernale te lees. **Skaduwee** het na afloop van hierdie sessie 'n tekening in haar refleksiejoernaal gemaak, wat 'n verdere uitbeelding van haar sandspel-moment was en ek sluit dit hierby in. Volgens my is hierdie tekening en **Skaduwee** se verduideliking van wat die tekening beteken 'n direkte uitvloeisel uit die sandspelwerk en 'n verdieping in haar begrip van haar emosies en haar persoonlike verbintenis met die storie. Ek maak hierdie afleiding aangesien die huiswerkopdrag aan **Skaduwee** na afloop van die sandspeltherapie was dat sy die ervaring wat sy gedurende die storievertelling beleef en daarna in die sand uitgebeeld het, in haar refleksiejoernaal moes aanteken op 'n manier wat vir haar sinvol was.

'n Eriksoniaanse benadering tot sandspelletapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingssteurnis ervaar



Tekening deur **Skaduwee** (Refleksiejoernaal, bl. 2).

Sy verklaar haar tekening soos volg:<sup>34</sup>

*Elke dag voel dit asof ek in 'n bubble vasgekeer is. Hierdie bubble wil nie bars nie al probeer ek ook hoe hard. Soveel simboliek kan hierin besigtig word, 'n stukkie van my hart en my siel wat verdrink in smart. Ek't gedink die jaar is 'n nuwe begin van my lewe, maar 'n blink toekoms weerkaats my tranen in 'n spieël. In die begin van die jaar het ek baie slegte nuus ontvang. Ek is gediagnoseer met Endometriose. Ek wou so graag kinders gehad het en ek dink elke dag daaraan. Die simbool wat soos takke lyk wat krul, is die uitbeelding van my fallopius buise en dan volg my ovariums. Die kraake simboliseer dat die skade klaar gedoen is. 'n Kraak, want dit het verduidelikend my siel uit my liggaam getrek. Ek wil my liggaam verlaat sodat Liewe Jesus my kan kom haal. Die mans teken is hoër as die vrou sin omdat hy meer beheer oor my gehad het. Die vrou se teken is nie voltooi nie en dit simboliseer vir my wat verskeur is deur twee mans. Eers my nefie en toe my ex ou. Dit versmoor my elke aand, want 'n deel van my is weg gevat wat nooit*

<sup>34</sup> Ek voeg hierdie deel in sodat die leser kan sien hoe **Skaduwee** haar sandspel verklaar het.

'n Eriksoniaanse benadering tot sandspelletapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingsgeurnis ervaar

*weer gevul sal kan word nie. Die kruis verwys na n hospitaal, my ma se selfmoord poging. Om die middag na skool by die huis te kom en te sien hoe my ma uit die huis gedra word. Haar gesig was so blou en ek het gedink sy's dood. Ek't haar nie eenkeer gaan besoek in die hospitaal nie, want hoekom moes ek aan haar gedink het, toe sy net die pille weg gesluk het en van my wou vergeet het. Ek sal haar nooit kan vergewe vir wat sy aan my gedoen het nie. Die donker bruin verwys na my trane, wat ek elke dag in my hart voel, asook die panic attacks wat my versmoor, soos my liggaam wat my siel versmoor. Die "D" staan vir depressie. Ek kan nie meer my pa se depressie hanteer nie, want hy vererger als vir my. Elke dag voel net soos nog 'n dag van straf, pyn en smart. Ek hunker na liefde, maar hoe vertrou ek weer? Ek kan nie eers my oom vertrou nie, want hy't my ma as 'n klein dogtertjie verkrag. Die takke raak al hoe stywer om my en druk deur my hart en verwyder my siel. Elke dag raak net erger, en die hartseer word meer. Die verlede sal my altyd in haal en dit verwoes my toekoms. My lewe word agter 'n deur toe gesluit, en ek hunker na verlossing. Ek moet hieruit kom. Heer, help my asb!* (Refleksiejoernaal van deelnemer, bl. 8)

Hieruit blyk dit dat **Skaduwee** die terapie haar eie gemaak het en haar probleme begin identifiseer het.

Gedurende sessie 2 (bl. 28) beskryf **Skaduwee** haar sandtoneel soos volg:

*Toe het ek nou die butterflies wat op vryheid dui gevat, soos wat sy met haar paadjie hier omgaan en, uhm, dan kry soos 'n treasure op die einde. Soos wat sy verder opgaan dan wag daar 'n man vir haar, uhm, dis hoekom ek hom hoër gesit het omdat dit so 'n stryd is om daarby uit te kom vir my.*

**Skaduwee** het die vermoë getoon om die Ericksoniaanse benadering se storievertelling haar eie te maak. Sy het die dele in die storie wat sy nodig gehad het om sin van haar lewe te maak, haar eie in die sand gemaak. Gedurende hierdie terapiessessie was sy ontsteld omdat sy geglo het dat sy nooit iemand spesiaal sou ontmoet nie, en dat sy dus nie sal trou en eendag kinders van haar eie sal hê nie.

'n Eriksoniaanse benadering tot sandspelletapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingssteurnis ervaar



(*Skaduwee*, Sessie 2)

Gedurende die daaropvolgende sessie het *Skaduwee* haar toneel so verklaar:

*Okay, dis my hart wat ek gevat het en die seer goedjies daarbinne. Toe het ek ... hierdie is ook soos al die seerkry wat uitkom, en as dit gebeur voel dit asof ek net ... eerder net in 'n boksie gedruk moet word dat ek nie kan uitkom nie. Uhm, en dat ek vir altyd in my droomhuisie wil bly, my eie verbeeldingswêreld. Dit is partykeer sleg dat al die woede en jaloesie uit my hart kom want die slegte goed wat uitkom haal ek op ander mense uit, soos op Y byvoorbeeld. Maar andersins is dit ook goed dat dit uitkom want dan kan ek my hart skoon kry van al die seer af* (Sessie 3, bl. 11, 12).



(*Skaduwee*, Sessie 3)

- **Storieprinses**

**Storieprinses** het nie die stories wat ek vir haar vertel het in die sand uitgebeeld nie, maar haar beleving van die sandspelproses was intens. Ek het soms uitgeput gevoel nadat ek haar dopgehou het terwyl sy in die sand gespeel het. Ek het in my refleksiejoernaal geskryf (Refleksiejoernaal van navorser: Deelnemer A, bl. 2) dat **Storieprinses** na afloop van die sessie gedreineer was aangesien sy haar

'n Eriksoniaanse benadering tot sandspelletapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingsteurnis ervaar

sandspeltonele met soveel emosie en intensiteit gebou het. Een van die mees emosionele tonele wat in die sand afgespeel het, was die volgende: *All the creatures in ... all the creatures and everybody in the world need to stand back, because ... important ... everybody saw what happened. And he ... the tall tower started tumbling. The mermaid was standing there and the tall tower fell on the mermaid! Oh, no! Then they covered the mermaid. The girl wants to see the mermaid, because she is covered in blood. She was taken away with the ambulance. Oh, you know who lifted the tall tower up? It's this girl* (Sessie 1, bl. 9).



(*Storieprinses*, Sessie 1)

Hierdie uitbeelding van *Storieprinses* was 'n weergawe van die aand toe haar moeder gesterf het. *Storieprinses*, haar boetie, hul moeder en die kinderoppasser was per bus op pad na Kaapstad. Die busbestuurder het beheer oor die voertuig verloor en die bus het omgekantel. *Storieprinses* se moeder is onder die bus vasgekeer. Die omstanders het haar toegegooi en *Storieprinses* was ontsteld omdat sy haar moeder wou sien. Daar was oral bloed en later het die ambulans haar moeder kom haal. In haar sanduitbeelding het *Storieprinses* die wens uitgespreek dat sy haar moeder kon red. Indien ek daarop aangedring het dat *Storieprinses* die storie van die Ericksoniaanse benadering tot terapie in die sand moes uitbeeld, sou sy nooit die geleentheid gekry het om haar belewing van die ongeluk op so 'n manier uit te beeld en weer te herleef nie.



### iii) Opsomming van die deelnemers se verklaring en begrip van die sandspel-momente

Gedurende hierdie gedeelte het ek ondersoek wat die impak van die sandspelterapie op die deelnemer se begrip van die terapeutiese metafoor is en of die sandspel die deelnemer moontlik kon ondersteun om 'n brug te bou tussen die woorde van die storie en die persoonlike betekenis wat die storie vir haar ingehou het. Ek wou ook vasstel of die sandspelterapie die deelnemer in staat gestel het om op 'n meer bewuste vlak die terapeutiese metafoor uit te beeld en of hulle daarna in staat was om die terapeutiese metafoor in hul eie lewens toe te pas.

Was die Ericksoniaanse benadering tot terapie gekombineer met sandspelterapie moontlik van waarde vir die deelnemers in hierdie studie na afloop van die sandspel-momente? **Skulpie** en **Verlore** het nie aangedui dat die uitbeelding van die terapeutiese metafoor in die sand hulle in staat gestel het om die boodskap van die terapeutiese metafoor post-terapeuties toe te pas nie. Dit wou egter voorkom asof die gekombineerde benadering moontlik vir **Denker** en **Hoopvol** ondersteun het om die terapeutiese metafoor in hul lewens toe te pas. Gedurende Sessie 6 (bl. 14) het **Denker** gesê: *Die stories en die prentjies in die sand help my as ek hartseer is en ek wil wegloop en so, dan dink ek aan die stories en hoe ek dit gebou het.*

**Hoopvol** het die volgende gesê: *Ek was ontspanne en al die mooi goed was nader en al die slegte goed was verder en kleiner. Ek het besef dat ek die regte besluite moet maak en wanneer ek in die sand bou is dit asof dit vir my duideliker word wat ek moet doen. Ek kan ook huis toe gaan en dit onthou en dit doen* (Sessie 4, bl. 17).

Tabel 5.9 toon watter impak die sandspelterapie op die deelnemers se begrip van die terapeutiese metafore gehad het.



**Tabel 5.9: Impak van die sandspelterapie op deelnemers se begrip van terapeutiese metafore**

	<i>Storie-prinses</i>	<i>Denker</i>	<i>Skulpie</i>	<i>Verlore</i>	<i>Hoopvol</i>	<i>Skaduwee</i>
Sandspel het verdieping en begrip vir die terapeutiese metafoor meegebring		✓			✓	✓
Sandspel het nie verdieping en begrip vir die terapeutiese metafoor meegebring nie			✓	✓		
Deelnemer doen sandspel op eie manier	✓					

Vervolgens word die moontlike vordering en aanvaarding wat deelnemers getoon het tydens die Ericksoniaanse benadering tot terapie gekombineer met sandspelterapie bespreek.

### **5.3.1.5 Tema 3, subtema 3.1**

**TEMA 3:  
VORDERING EN AANVAARDING NA AANLEIDING VAN DIE ERICKSONIAANSE BENADERING  
TOT TERAPIE GEKOMBINEER MET SANDSPELTERAPIE**

**SUBTEMA 3.1  
VORDERING VAN DEELNEMERS**

#### **i) Inleiding**

In hierdie gedeelte word die moontlike vordering bespreek wat die deelnemers getoon het (indien enige) na afloop van die Ericksoniaanse benadering tot terapie gekombineer met sandspelterapie. Ek probeer wys watter deelnemers moontlik as gevolg van die gekombineerde benadering vordering getoon het en watter nie.

## ii) Vordering van deelnemers

Burns (2007) beklemtoon dat die kliënt gedurende storievertelling (Ericksoniaanse benadering) in so 'n mate by die storie betrokke kan raak dat instinktiwe verdedigingsmeganismes verslap kan word. As gevolg van hierdie verslapping van verdedigingsmeganismes kan die kliënt tydelik een of meer spesifieke ervarings gedurende die storievertelling ervaar, wat haar kan ondersteun om te verander en in terapie te vorder.

My navorsing ondersteun die bevindinge van Burns (2007) hier bo. *Storieprinses* het na elke terapeutiese metafoor wat ek aan haar vertel het 'n positiewe ervaring gehad: *Oh! That was a happy story!* (Sessie 6, bl. 10). *Hoopvol* het haar ervaring gedurende storievertelling soos volg beskryf: *Al die mooi goed was nader en meer en al die slegte goed was kleiner en verder*. *Skulpie* het die volgende beleving na afloop van die gekombineerde benadering tot terapie gehad: *Ek voel lekker en gelukkig en liefdevol* (Refleksiejoernaal van deelnemer, bl. 3), terwyl *Skaduwee* gedurende die sessie *onbeskryflike kalmte ervaar het en gevoel het asof sy soos 'n veer kan sweef om bo in die lewe uit te kom* (Refleksiejoernaal van deelnemer, bl. 13).

Die storievertelling stel die deelnemer in staat om die persepsies van haar kognisie, emosies en gedrag te ondersoek en laat haar moontlik tot die besef kom dat die nuwe ervarings en persepsies van kognisie, emosie en gedrag wat gedurende die storievertelling ervaar word, 'n deel van haar hulpbronne kan word (Lankton, 2004; Matthews, 1999). Dowd en Rugle (1999) is dit eens en noem dat verandering wat tydens terapisessies plaasvind moontlik toegeskryf kan word aan die feit dat die deelnemer haar hulpbronne ontdek. Gedurende die Ericksoniaanse benadering tot terapie skep die terapeut vir die deelnemer die konteks waarbinne ontdek kan word dat sy oor hulpbronne beskik wat gebruik kan word om haarself te ondersteun (Lankton, 1994).

'n Eriksoniaanse benadering tot sandspelterapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingsgebeurtenis ervaar

Nie een van die deelnemers aan my navorsing het verbaal aangedui dat hulle hulpbronne (waarvan hulle nie voorheen bewus was nie) in hulself ontdek het nie. Die deelnemers het wel deur byvoorbeeld veranderde persepsies van kennis, emosie en gedrag aangetoon dat verandering besig was om plaas te vind. **Denker** sê byvoorbeeld die volgende: **Ek is nie meer so moeg in die oggende nie. Kyk hier, ek is vol lewe!** (Sessie 3, bl. 2). **Denker** se gemoedstoestand het dus moontlik verbeter as gevolg van die gekombineerde benadering en dit het hom in staat gestel om sy dag meer positief en vol lewe aan te pak.

Friedman en Mitchell (2007) verduidelik dat die kliënt die beeld wat sy in die sandbak skep as 'n metafoor vir heling behoort te aanvaar om in terapie te vorder. Ek is nie seker of die deelnemers aan hierdie studie hulle sandtonele op 'n bewuste vlak as 'n metafoor vir heling aanvaar het nie. Wat ek wel weet is dat nie een van die deelnemers ontevrede was met die sandtonele wat hulle gebou het nie en dat hulle dan moontlik op 'n onbewuste vlak die beelde wat hulle in die sandbak geskep het as 'n metafoor vir heling aanvaar het, soos Friedman en Mitchell (2007) voorstel.

Vervolgens word die vordering van deelnemers in terapie (indien enige) bespreek.

- **Denker, Verlore, Hoopvol, Skaduwee en Storieprinses**

**Denker** het gedurende Sessie 2 (bl. 3) genoem dat hy sedert die terapeutiese ingreep makliker skool toe gaan. In Sessie 3 (bl. 2) het hy vertel dat hy nie meer so moeg is in die oggend wanneer hy moet opstaan nie, maar dat hy vol lewe is.

**Verlore** het dit aanvanklik moeilik gevind om sy tante te vergewe dat sy hom na sy moeder se afsterwe nie meer wou hê nie en dat sy toegelaat het dat hy by vreemde mense gaan woon. In sy refleksiejoernaal (bl. 3) skryf hy die volgende: **Ek sal haar maar vergewe. Ek sal dit maar laat gaan want sy is verkeerd, nie ek nie.**

Ek het in my refleksiejoernaal (Deelnemer, bl. 6) geskryf dat dit klink asof **Hoopvol** aanbeweeg met haar lewe en aan die toekoms dink. Ek het verder geskryf dat sy nie meer so opstandig lyk nie en dat dit voorkom asof sy haar lewe in 'n meer positiewe lig sien. **Hoopvol** noem in Sessie 5 (bl. 17) dat sy besef dat sy die een is wat die regte

'n Ericksoniaanse benadering tot sandspelterapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingsgeurnis ervaar

besluite vir haar lewe moet neem en dat die verskillende terapeutiese ingrepe goed vir haar was aangesien sy sonder voorbehoud oor haar gevoelens kon gesels. In haar refleksiejoernaal (bl. 13) noem **Skaduwee** dat die sessies haar gehelp het en dat haar paniekaanvalle verminder het vandat sy terapie ontvang.

**Storieprinses** het nie gepraat oor die probleme wat sy ervaar het nie. Wanneer ek haar gedurende terapie sou uitvra oor haar probleme, het sy gewoonlik die gesprek in 'n ander rigting gestuur. Haar vader was moedeloos aangesien sy snags nie wou slaap nie. Nadat ons deur middel van die Ericksoniaanse benadering tot terapie heelwat aandag gegee het aan haar slaaphindernis, het sy in Sessie 3 (bl. 2) angstig genoem dat sy nie 'n probleem het om snags te slaap nie en dat sy goed slaap. Dit was egter nie waar nie.

Voordat die sessie begin het, het **Storieprinses** se vader laat blyk dat daar geen verbetering in haar slaappatroon was nie. In Sessie 4 het ek haar gevra hoe dit met haar slaapgewoontes gaan en sy het soos volg opgemerk: **It's not going fine.** Hierdie opmerking was vir my 'n deurbraak in terapie, aangesien sy nou eerlik was oor haar probleem.

Gedurende dieselfde sessie noem **Storieprinses** verder dat die ergste ding wat ooit met haar gebeur het, haar moeder se afsterwe was: **The worst thing is – let me think – the worst thing that happened is that my mommy died – the worst thing. That was definitely the worst.** Haar rou aanmerking was vir my 'n deurbraak omdat sy voorheen vermy het om van haar moeder se afsterwe te praat. Drydon (2007) het bevind dat verandering wat gedurende die terapeutiese proses plaasvind, angstigheid by die deelnemer kan ontketen omdat sy moontlik onseker kan voel. My navorsing ondersteun Drydon (2007) se bevinding. Die verandering wat gedurende **Storieprinses** se terapeutiese proses plaasgevind het, het haar kennelik laat angstig voel omdat sy onsekerheid beleef het oor die emosionele reaksies wat sy gedurende terapie ervaar het.

Volgens Lankton (1994) en Wake (2010) fokus die Ericksoniaanse benadering tot terapie op die kliënt en nie op die probleem nie. Die doel van terapie is nie om die

'n Eriksoniaanse benadering tot sandspeltherapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingsgeurnis ervaar

probleem wat die kliënt ervaar op te los nie maar om die kliënt by te staan in haar groeiproses sodat sy op 'n gemakliker wyse daarmee kan deel (Burns, 2009). Soos by die voormelde skrywers was die fokus tydens my terapie op die deelnemer en nie op die probleem nie. My terapie was nie daarop gemik om elke deelnemer se probleem 'op te los' nie, maar om hulle by te staan om so te groei dat hulle makliker daardie probleem kon hanteer.

- **Skulpie**

**Skulpie** het nie deur woord of daad laat blyk dat die gekombineerde benadering daartoe bygedra het dat sy as mens gegroei het nie.

### iii) Opsomming van deelnemers se vordering

Uit hierdie bespreking blyk dit asof **Storieprinses**, **Skaduwee**, **Hoopvol**, **Verlore** en **Denker** vordering getoon het as gevolg van die gekombineerde terapeutiese benadering. Vier van die ses deelnemers se vordering het verband gehou met die probleme wat hulle aanvanklik genoem het. **Denker** het genoem dat dit vir hom makliker is om skool toe te gaan en dat hy nie meer soggens so moeg voel nie, terwyl **Skaduwee** genoem het dat haar paniekaanvalle verminder het. **Verlore** het gesê dat hy sy tante vergewe het vir wat sy aan hom gedoen het, terwyl **Hoopvol** aangedui het dat sy haar verlede aanvaar het en besig is om aan te beweeg met haar lewe. **Storieprinses** het vordering getoon in die sin dat sy erken het dat sy 'n slaaphindernis ervaar. Dit was vir my 'n deurbraak aangesien sy tot op daardie stadium in die terapie ontken het dat sy 'n slaapprobleem het. Anders as die bovermelde deelnemers het **Skulpie** nie laat blyk dat daar vordering was met betrekking tot die probleme wat sy aan die begin van terapie genoem het nie.

Die Ericksoniaanse benadering tot terapie gekombineer met sandspeltherapie vir kinders en adolessente wat depressie as ontwikkelingsgeurnisse ervaar het, was moontlik van waarde vir **Denker**, **Skaduwee**, **Verlore**, **Hoopvol** en **Storieprinses** aangesien al vyf hierdie deelnemers tot 'n mindere of meerdere mate vordering in terapie getoon het.

'n Ericksoniaanse benadering tot sandspelterapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingssteurnis ervaar

Tabel 5.10 toon watter deelnemers vordering gemaak het in terapie.

**Tabel 5.10: Deelnemers wat vordering gemaak het in terapie**

	<i>Storie-prinses</i>	<i>Denker</i>	<i>Skulpie</i>	<i>Verlore</i>	<i>Hoopvol</i>	<i>Skaduwee</i>
Deelnemers wat vordering getoon het na afloop van die Ericksoniaanse benadering tot terapie gekombineer met sandspelterapie	✓	✓		✓	✓	✓

Ek bespreek vervolgens die moontlikheid dat daar by die deelnemers aanvaarding gekom het vir die probleme wat hulle ervaar het.

### 5.3.1.6: Tema 3, subtema 3.2

**TEMA 3:  
VORDERING EN AANVAARDING AS GEVOLG VAN DIE ERICKSONIAANSE BENADERING TOT TERAPIE GEKOMBINEER MET SANDSPELTERAPIE**

**SUBTEMA 3.2  
AANVAARDING DEUR DEELNEMERS**

#### i) Inleiding

In hierdie gedeelte bespreek ek die moontlikheid dat die deelnemers as gevolg van die Ericksoniaanse benadering tot terapie gekombineer met sandspelterapie aanvaarding getoon het vir die probleme wat hul beleef het.

#### ii) Aanvaarding deur deelnemers van die hindernisse in hul lewens

- *Storieprinses, Denker, Skulpie en Verlore*

*Storieprinses, Denker* en *Verlore* het aangedui dat hulle in terapie gevorder het. Nie een van hierdie drie deelnemers of *Skulpie* het enige verbale aanduiding gedurende die Ericksoniaanse benadering tot terapie gekombineer met sandspelterapie gegee dat hulle hul probleme aanvaar het nie. Studies deur Daley en Zuckoff (1999) toon dat indien 'n kliënt nie haar probleme wil aanvaar nie, sy voorgee dat dit goed gaan en daarom nie gemotiveerd is om te verander nie. Die kliënt se intensie of motivering om

'n Eriksoniaanse benadering tot sandspelletapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingsgeurnis ervaar

te verander word dus geraak. Daley en Zuckoff (1999) glo egter wanneer die kliënt haar probleme aanvaar, sy die motivering verkry om te begin verander.

My navorsing strook met die bevindings van bogenoemde outeurs. *Storieprinses*, *Denker*, *Verlore* en *Skulpie* was gemotiveerd om te verander, wat moontlik daarop dui dat hulle wel hul probleme begin aanvaar het, al het hulle dit nie hardop in terapie geverbaliseer nie. LaBay (2003) bevestig die siening van Daley en Zuckoff (1999) en brei daarop uit deur te noem dat aanvaarding nie net 'n woord moet wees nie, maar 'n daad. Wanneer die kliënt sekere aspekte van die probleme wat sy ervaar begin verander deur gebruik te maak van die hulpbronne wat deur middel van die terapeutiese metafore ontdek is, behoort beweging in terapie plaas te vind.

*Denker* het in Sessie 2 (bl. 3) gesê: ***Ek is bly ek kom hierheen. Dit help my baie in my lewe. Ons moet nog net die ander goed regkry.*** Verder noem *Verlore* gedurende Sessie 5 (bl. 6): ***Die mense sê ek moet die beste uit my lewe uit bou, maar dit is nie so maklik nie. Ek wens partykeer ek was groot sodat ek vir myself kan besluit.***

Die navorsing van Wilson, Hayes en Stroschah (1999) stem ooreen met die van LaBay (2003), naamlik dat aanvaarding soms 'n passiewe kwaliteit kan hê. My bevindings het gestrook met die van voorgenoemde skrywers en ek het in my navorsing beleef dat *Skulpie* soms passief voorgekom het terwyl ek nie een van die ander deelnemers as passief ervaar het nie. In 'n onderhoud met *Skulpie* se moeder (onderhoud 3, bl. 12) het ek aan haar genoem dat ek *Skulpie* passief gevind het gedurende terapie. Ek het ook genoem dat dit wou voorkom asof sy nie van haarself gedurende die terapie gee nie.

Wanneer 'n kliënt passief is kan daar volgens LaBay (2003) nie beweging plaasvind nie. Ek het hierdie waarneming van LaBay in my navorsing met *Skulpie* beleef. Wanneer *Skulpie* passief voorgekom het, was die terapie klaarblyklik staties. Dan moes ek haar motiveer om weer betrokke te raak by die terapeutiese proses soos blyk uit Sessie 4 (bl. 2): ***Skulpie, as jy wil hê sekere dinge in jou lewe moet beter word is dit belangrik dat jy jou deeltjie moet doen wanneer ek en jy hier***



'n Eriksoniaanse benadering tot sandspelterapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingsgebeurtenis ervaar

***bymekaar kom. Dit help nie ek en jy werk hier en dan as jy uitstap, het jy alles vergeet wat ons gedoen het nie.***

- ***Hoopvol*** en ***Skaduwee***

***Hoopvol*** en ***Skaduwee*** het beide genoem dat aanvaarding van hul eie probleem gevolg het na die verskillende terapeutiese ingrepe. In my refleksiejoernaal (Deelnemer E, bl. 7) skryf ek dat ***Hoopvol*** haar ouers se gesag begin aanvaar.

Haar houding toon 'n korrelasie met die bewyse in navorsing deur Daley en Zuckoff (1999). ***Hoopvol*** het haar ouers se gesag meer geredelik begin aanvaar en dit het tot 'n verbetering in hulle verhouding gelei (Sessie 4, bl. 13). Ek het dit as 'n beweging in terapie beskou, wat aansluit by die bevindinge van LaBay (2003). ***Skaduwee*** maak die volgende opmerking in Sessie 6 (bl. 6-14): ***Ek het dit met die tyd al begin aanvaar en ek het al begin afskryf, jy weet, dis die verlede en ek wil nie meer na die verlede toe terugkyk nie, ek wil toekoms toe kyk. Ek wil aanbeweeg. Dit gaan baie beter met my.***

Ten spyte van bogenoemde stelling (dat ***Skaduwee*** haar verlede begin aanvaar het), het die volgende aanhaling dit klaarblyklik weerspreek: ***Dinge sal nooit beter wees vir my nie. My verlede gaan my altyd inhaal*** (Sessie 6, bl. 10 ). Aangesien ***Skaduwee*** se aanvaarding passief blyk te wees, kan beweging en vordering in terapie nie optimaal plaasvind nie (LaBay, 2003).

### iii) Opsomming van die deelnemers se belewenis van aanvaarding

***Storieprinses***, ***Denker*** en ***Verlore*** het nie die aanvaarding van hul probleme geverbaliseer nie, maar deur die beweging wat in terapie plaasgevind het, was hulle moontlik onbewustelik in die proses om hul probleme te begin aanvaar. ***Hoopvol*** en ***Skaduwee*** het wel verbaal aangedui dat daar aanvaarding van hul probleme plaasgevind het, hoewel dit in verdere sessies geblyk het dat ***Skaduwee*** nie werklik haar verlede en probleem aanvaar het nie.

Die Ericksoniaanse benadering tot terapie gekombineer met sandspelterapie vir kinders en adolessente wat depressie as ontwikkelingsgebeurtenis ervaar het, was

'n Ericksoniaanse benadering tot sandspelterapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingssteurnis ervaar

moontlik van waarde vir al ses deelnemers aangesien almal tot 'n mindere of meerdere mate aanvaarding vir hul probleme in terapie getoon het.

Tabel 5.11 illustreer die mate van aanvaarding wat deelnemers beleef het.

**Tabel 5.11: Deelnemers se aanvaarding van probleme wat beleef is**

	<i>Storie-prinses</i>	<i>Denker</i>	<i>Skulpie</i>	<i>Verlore</i>	<i>Hoopvol</i>	<i>Skaduwee</i>
Verbale indikatie dat aanvaarding begin plaasvind					✓	✓
Nie-verbale indikatie dat aanvaarding begin plaasvind	✓	✓		✓		
Verbaliseer aanvaarding maar aanvaarding het nie in werklikheid plaasgevind nie						✓
Passiwiteit			✓			

Ter afsluiting bespreek ek die deelnemers (wat almal depressie as ontwikkelingssteurnis beleef het) se positiewe en negatiewe reaksies op die Ericksoniaanse benadering tot terapie gekombineer met sandspelterapie.

### **5.3.1.7: Tema 4, subtema 4.1**

#### **TEMA 4: REAKSIE VAN DEELNEMERS OP DIE ERICKSONIAANSE BENADERING TOT TERAPIE GEKOMBINEER MET SANDSPELTERAPIE**

#### **SUBTEMA 4.1: POSITIEWE REAKSIE VAN DEELNEMERS**

##### **i) Inleiding**

Die positiewe reaksies van die deelnemers op die Ericksoniaanse benadering tot terapie gekombineer met sandspelterapie word vervolgens onder twee opskrifte bespreek, naamlik storievertel-momente en sandspel-momente.

##### **ii) Storievertel-momente**

'n Terapeutiese metafoor is 'n storie wat veronderstel is om die deelnemer se aandag gevange te hou en 'n gewysigde raamwerk te voorsien waardeur die deelnemer nuwe ervarings kan beleef (Barrett, 2010). Die belewings van die deelnemers in my

'n Eriksoniaanse benadering tot sandspelterapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingsgeurnis ervaar

navorsing strook met die siening van Barrett (2010). Ek noem in subtema 1.1 en subtema 2.1 die beleving en begrip van die deelnemers met betrekking tot die storievertel-momente. Lankton (2004) argumenteer dat die intensie van die terapeutiese metafoor is om die deelnemer se bewuste verwysingsraamwerk te ontwig terwyl die metafoor 'n onbewuste soeke rig na nuwe of voorheen geblokte betekenis of oplossings. Die metafoor wys met ander woorde aan die deelnemer oplossings of betekenis waaraan sy nie voorheen gedink het nie. My navorsingsbevindings strook met die siening van Lankton aangesien daar deur die terapeutiese metafore oplossings of betekenis vir die deelnemers geskep is waaraan hulle moontlik nie voorheen gedink het nie.

Mills en Crowley (2001) het in hul navorsing bevind dat fantasie 'n deel is van die innerlike wêreld van die kind. My navorsing steun hul bevindings en ook die van Burns (2009), naamlik dat die fantasiewêreld van die kind of adolessent die natuurlike proses is waardeur sy leer om sin te maak van die wêreld.

Die sessies was vir die deelnemers aan my studie 'n ontspanne tyd waar hulle vir 'n rukkie van hul eie probleme kon vergeet en in 'n fantasiewêreld ontvlugting kon vind. (My bevinding strook dus nie met die van Montessori (1914) nie, wat fantasie beskryf het as 'n patologiese neiging van vroeë kinderontwikkeling.) Volgens Burns (2009) is die wonder van storievertelling dat die kliënt nie gekonfronteer word om oor hul probleme te praat nie, maar dat hulle deur middel van die storie moontlik kan identifiseer met iemand anders wat dieselfde probleme as hulle ervaar. My navorsing korreleer met hierdie siening van Burns (2009).

Die volgende aanhalings van die deelnemers wys dat hul beleving van fantasie 'n belangrike rol in my navorsing gespeel het en dat hulle moontlik kon identifiseer met 'n karakter in die terapeutiese storievertelling wat dieselfde probleme as hulle ervaar het.

- **Storieprinses** en **Denker**

**Storieprinses** en **Denker** het die storievertelling oor die algemeen geniet.

**Storieprinses** het die volgende opmerkings gemaak oor die stories wat ek vir haar vertel het: **Wow, that's a nice story; Oh! That was a nice story. It was very nice.**

'n Eriksoniaanse benadering tot sandspelterapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingsgeurnis ervaar

*Oh, that was a happy story* (Sessie 3, bl. 11; Sessie 4, bl. 16; Sessie 5, bl. 5,11; Sessie 6, bl. 10), terwyl *Denker* na die onderskeie stories gesê het: *Dit was lekker* (Sessie 1, bl. 22); *Jis, daai storie is baie slim* (Sessie 3, bl. 13); en *...dan voel ek skoon beter* (Sessie 6, bl. 16).

*Storieprinses* het haar gedurende die Eriksoniaanse benadering tot terapie in die stories ingeleef en gewoonlik lopende kommentaar gelewer. Terwyl ek besig was met die storievertelling was sy in haar verbeelding 'n deel van die storie. Hoewel *Storieprinses* nie die stories wat ek aan haar vertel het in die sand uitgebeeld het nie, het dit 'n blywende indruk op haar gemaak. In Sessie 5 (bl. 10) het sy 'n opmerking gemaak wat my laat beseft het dat sy die stories onthou en dat die boodskap moontlik nie verlore gegaan het nie: *Remember the ballerina story? Maybe we can still do the ballerina story.* Ek het die verhaal van die ballerina in Sessie 2 (bl. 25) aan haar vertel. Gedurende Sessie 3 (bl. 20) het sy weer iets gesê wat daarop gedui het dat die stories wat ek vertel het tog betekenis vir haar gehad het: *Yes, and she wasn't afraid to sleep anymore.* Een van die hindernisse wat *Storieprinses* na haar moeder se afsterwe beleef het, was slapeloosheid.

*Denker* het tot in ons laaste sessie daarvan weggeskram om oor sy probleme te praat. Gedurende hierdie sessie het hy die geleentheid gekry om vir hom 'n karakter te visualiseer met wie hy oor sy probleme kon gesels. Ek het duidelik aan hom genoem dat dit nie vir hom nodig was om vir my te vertel wat hy aan die karakter in sy storie vertel het nie. Gedurende die storievertelling, terwyl *Denker* sy probleme met die denkbeeldige karakter gedeel het, het die trane vryelik oor sy wangetjies geloop. Na afloop van die storievertelling was hy bereid om met my te deel wat hy in die storievertelling beleef het: *Ek het vir hom gesê alles oor my disleksie en alles en toe sê ek vir hom oor selfmoord pleeg en allerhande dinge nê en toe sê hy vir my as tannie Dirkie wil weet dan moet ek vir tannie Dirkie vertel* (Sessie 6, bl. 23).

'n Ericksoniaanse benadering tot sandspelterapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingsteurnis ervaar

- **Skulpie**

**Skulpie** het in haar refleksiejoernaal die volgende oor die terapeutiese ingreep geskryf: *Ek voel lekker vandat ek hier is en gelukkig en liefdevol* (Refleksiejoernaal van deelnemer, bl. 3).

- **Verlore, Hoopvol** en **Skaduwee**

**Verlore, Hoopvol** en **Skaduwee** het die storievertelling ontspannend gevind en dit geniet. **Verlore** het soos volg gereageer: *Sjoe! Dit was nogal lekker. Ek voel sommer bly* (Sessie 1, bl. 15). *Nou voel ek beter* (Sessie 3, bl. 8); *Ek voel baie goed* (Sessie 4, bl. 9); en *Sjoe! Dit was lekker* (Sessie 6, bl. 7). **Hoopvol** het haar ervaring van die Ericksoniaanse benadering tot terapie as rustig ervaar (Sessie 1, bl. 14). Gedurende sessie 2 (bl. 16) sê **Hoopvol** die volgende: *Daar het soos 'n gevoel van vryheid gekom, so asof ek nou net 'n las van my skouers afgehaal het* (Sessie 2, bl. 16). **Skaduwee** het haar reaksie na afloop van die terapisessie soos volg beskryf: *Ek voel goed* (Sessie 1, bl. 5); *Ek voel beter* (Sessie 2, bl. 2); *Ek voel baie ontspanne en rustig en vol vrede* (Sessie 2, bl. 22); en *Dit was lekker* (Sessie 3, bl. 11).

### iii) Sandspel-momente

- **Storieprinses**

**Storieprinses** het die sandspel geniet en die volgende daaroor te sê gehad: *I love the sand* (Sessie 2, bl. 13). Sy was gewoonlik opgewonde wanneer sy 'n sandtoneel kon bou: *The sand must be straight, straight, straight. Maybe we should sweep it* (Sessie 4, bl. 18). **Storieprinses** het dieselfde figure herhaaldelik in haar sandspeltonele gebruik (Refleksiejoernaal van navorser: Deelnemer A, bl. 9). Die verklaring van waarom **Storieprinses** dieselfde miniatuurfigure herhaaldelik in die sand gebruik het, vorm nie 'n deel van hierdie navorsing nie, aangesien my studie nie gefokus het op die gebruik en verklaring van die miniatuurfigure wat elke deelnemer gebruik het nie. Die fokus van die navorsing was om vas te stel of die gekombineerde benadering van waarde was (al dan nie) vir kinders en adolessente wat depressie as ontwikkelingsteurnis ervaar het. **Storieprinses** was diep verwickeld in die stories wat

'n Ericksoniaanse benadering tot sandspelterapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingsgeurnis ervaar

sy in die sand uitgebeeld het. Sy het tot so 'n mate beweging en aksie gebruik dat ek aan die einde nouliks haar sandtonele in 'n foto kon vaslê.

- **Denker** en **Skulpie**

**Denker** en **Skulpie** het vinnig gesnap wat van hulle verwag word nadat ek die storie aan hulle vertel het. Beide het uit hul eie genoem dat hulle weet dat hulle na die vertelling, die storie soos wat hulle dit verstaan het, in die sand moes uitbeeld (Sessie 5, bl. 10 en Sessie 6, bl. 5). **Denker** het tydens al die terapeutiese ingrepe goed saamgewerk en dit wou voorkom asof hy die sandspelterapie geniet het. Ek baseer hierdie aanname op my waarnemings van **Denker** gedurende sy sandspeltonele. Hy was gretig om in die sand te speel en het graag sy hande gebruik om sandtonele te bou. Dit was vir **Denker** heerlik om water te gebruik wanneer hy 'n sandtoneel gebou het en hy was teleurgesteld wanneer die sessie verby was (Refleksiejoernaal van navorsers: Deelnemer D, bl. 3). Hierdie waarneming korreleer positief met Wellhousen en Crowther (2004) asook Herr (2001) se bevindings in hul navorsing - hulle noem dat deelnemers dit geniet om die sand met water te meng aangesien dit op sigself vir sommige deelnemers terapeuties is.

- **Skaduwee**

**Skaduwee** het die sandspel haar eie gemaak en die volgende gesê na afloop van die sandspelterapie: **Dis lekker** (Sessie 1, bl. 6); **Ek voel rustig en beter** (Sessie 1, bl. 12); **Dit voel asof ek lekker kan slaap nou** (Sessie 2, bl. 27); **Dis vir my baie lekker. Dit ontspan my ook** (Sessie 2, bl. 28); en **Dit voel beter** (Sessie 3, bl. 12). Hierdie ervaring van **Skaduwee** strook met dit wat Weinrib (2004) rapporteer oor sandspelterapie, naamlik dat die uitbeelding van die sandspel gewoonlik meebring dat die deelnemer begin ontspan.

#### iv) Opsomming van positiewe reaksies van deelnemers tydens en na afloop van die Ericksoniaanse benadering tot terapie

Al ses deelnemers aan my navorsing het die storievertel-momente positief ervaar. **Storieprinses**, **Denker**, **Skaduwee** en **Hoopvol** het die sandspel geniet en deel van hulle gemaak, terwyl **Denker** uiteindelik oor sy probleme kon praat. Die

'n Ericksoniaanse benadering tot sandspelterapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingsteurnis ervaar

Ericksoniaanse benadering tot terapie gekombineer met sandspelterapie vir kinders en adolessente wat depressie as ontwikkelingsteurnisse ervaar, was moontlik van waarde vir *Denker*, *Skaduwee*, *Verlore*, *Hoopvol* en *Storieprinses*.

In Tabel 5.12 word die deelnemers se positiewe reaksies op die gekombineerde benadering tot terapie aangedui.

**Tabel 5.12: Positiewe reaksies van deelnemers op die gekombineerde benadering tot terapie**

	<i>Storie-prinses</i>	<i>Denker</i>	<i>Skulpie</i>	<i>Verlore</i>	<i>Hoopvol</i>	<i>Skaduwee</i>
<b>Storievertel-momente</b>						
Ontspan	✓	✓	✓	✓	✓	✓
Geniet	✓	✓		✓	✓	✓
Leef self in die storie in	✓	✓		✓	✓	✓
Storie word deel van lewe	✓	✓				
Praat oor probleme		✓	✓		✓	✓
<b>Sandspel-momente</b>						
Geniet	✓	✓			✓	✓
Snap proses		✓	✓			

Vervolgens bespreek ek die negatiewe reaksies wat die deelnemers moontlik beleef het tydens die Ericksoniaanse benadering tot terapie gekombineer met sandspelterapie.

### **5.3.1.8: Tema 4, subtema 4.2**

#### **TEMA 4: REAKSIE VAN DIE DEELNEMERS OOR DIE ERICKSONIAANSE BENADERING TOT TERAPIE GEKOMBINEER MET SANDSPELTERAPIE**

#### **SUBTEMA 4.2: NEGATIEWE REAKSIE VAN DEELNEMERS**

##### **i) Inleiding**

Die negatiewe reaksies van die deelnemers gedurende en na die Ericksoniaanse benadering tot terapie gekombineer met sandspelterapie word vervolgens onder die opskrifte storievertel-momente en sandspel-momente bespreek.



## ii) Storievertel-momente

Die Ericksoniaanse benadering tot terapie gekombineer met sandspelterapie is 'n hulpmiddel wat die terapeut in terapie kan gebruik met kinders en of adolessente wat nie oor hulle probleme wil praat nie (Lankton, 1994; Mills & Crowley, 2001). Tydens my navorsing het ek gepoog om die probleme wat die deelnemers ervaar het in 'n storie aan hulle te vertel sodat hulle moontlik met die karakters in die storie kon identifiseer. My bevindings ondersteun die van Mills en Crowley (2001) wat bevestig dat genesing kan plaasvind wanneer die kliënt deur middel van die karakters in die terapeutiese metafoor leer en met hulle identifiseer. Ek het gehoop dat die deelnemers moontlik die tegnieke wat die karakters in die storie aangewend het om deur hul probleme te werk, in hul eie lewens kon toepas.

- **Storieprinses**

**Storieprinses** wou glad nie oor haar probleme praat nie. In Sessie 4 het ek haar uitgevra oor haar slapeloosheid om te probeer uitvind waarom sy dit so moeilik vind om te slaap. Haar reaksie was om 'n fantasiepersoon in haar verbeelding op te roep en my te vra of ek die persoon kan sien. Nadat ek positief geantwoord het, het sy gesê: **He's saying us to keep quiet** (Sessie 4, bl. 9). Gedurende Sessie 7 (bl. 12) het sy prontuit gesê dat sy nie oor haar gevoelens wil praat nie. Ek skryf die volgende in my refleksiejoernaal (Deelnemer A, bl. 6): **Slaap is steeds 'n probleem. Die terapeutiese ingreep het beslis nie die gewenste effek wat haar slaap aanbetref nie. Storieprinses onthou die stories wat ons vertel het, maar gebruik nie die tegnieke in die stories nie en dra dit nie oor na haar lewe nie.**

Horner (2005) beskryf weerstand (*resistance*) as volg:

*Resistance is the word for a patient's defence mechanisms encountered in psychotherapy. They protect the individual from a variety of conscious or unconscious intrapsychic or interpersonal dangers, but interfere with the process of exploration and discovery, causing an impasse in treatment.*

Ek moes myself die vraag afvra of **Storieprinses** weerstand getoon het deur haar woorde en gedrag. Wanneer ek na hierdie definisie van Horner (2005) kyk, wil dit tog lyk asof **Storieprinses** haarself probeer beskerm het deur nie te praat oor die trauma

'n Ericksoniaanse benadering tot sandspelterapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingsgeurnis ervaar

wat sy beleef het nie. Lankton (2004) skryf dat weerstand baie keer voorkom wanneer die kliënt gekonfronteer word met situasies waar sy persoonlik moet groei.

My navorsing sluit aan by die van Lankton (2004) waar ek van die veronderstelling uitgaan dat **Storieprinses** moontlik weerstand beleef het omdat sy nog nie gereed was om te groei nie. Die Ericksoniaanse benadering, wat ek gedurende hierdie navorsing gevolg het, werk gewoonlik vanaf die aanname dat die kliënt die suggesties (gedurende storievertelling in my studie) gaan volg wat relevant is vir haar en wat in haar beste belang is (Lankton, 2004). Wanneer die kliënt in terapie moet groei of moontlik sekere veranderinge in haar lewe moet aanbring, sal sy slegs die inligting gebruik wat vir haar relevant is en wat in haar beste belang is. Die weerstand wat **Storieprinses** getoon het korreleer met die bevinding van Lankton (2004). Ek skryf dus **Storieprinses** se klaarblyklike weerstand toe aan die feit dat sy dalk nie gereed was om met die warboel emosies wat haar moeder se dood ontketen het te hanteer op die wyse waarop in die storievertelling gesuggereer is nie; derhalwe was dit in haar beste belang om haar eie stories in die sand uit te beeld.

- **Verlore**

**Verlore** het gedurende ons eerste terapiesessie die volgende beleef: **Ek was skielik bang en benoud en toe is dit skielik swart. Ek het gedog die vliegtuig gaan val** (Sessie 1, bl. 17). Ek het nie tóé, gedurende die storievertelling, besef dat **Verlore** bang voel nie. Ek besef nou hoe belangrik dit is om voor die tyd aan die deelnemers te noem dat indien hulle 'n negatiewe reaksie beleef, hulle dit dadelik moet sê sodat die terapeut hulle kan bystaan. Chips (2004) se verduideliking van die abreaksie wat 'n deelnemer gedurende Ericksoniaanse storievertelling mag ondervind, strook met die reaksie wat **Verlore** getoon het. Chips som 'n abreaksie as volg op:

*An abreaction is an emotional reaction experienced by a client while under hypnosis, involving an unresolved stress within the subconscious or unconscious mind.*

- **Hoopvol en Skaduwee**

Gedurende die Ericksoniaanse benadering tot terapie kan dit gebeur dat deelnemers voel dat die terapeutiese metafoor vinniger aan hulle oorgedra word as wat werklik die

'n Ericksoniaanse benadering tot sandspelterapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingsgebeurtenis ervaar

geval is. Ek het bevind dat **Hoopvol** en **Skaduwee** albei genoem het dat die Ericksoniaanse benadering tot terapie vir hulle vreemd was aangesien dit vir hulle gevoel het asof die terapie so vinnig verby gegaan het. **Hoopvol** het haar ervaring so beskryf: **Dit was rustig maar vreemd. Dit het so vinnig gevoel, maar tog was dit nie vinnig nie** (Sessie 2, bl. 17) en **Skaduwee** het die volgende gesê: **Dit het so vinnig gevoel, soos vyf minute** (Sessie 6, bl. 18). Dit was vir my opvallend dat niemand oor hierdie verskynsel rapporteer nie, alhoewel dit in die teorie voorkom. Dit is egter moontlik dat ek bloot nie die bewyse in my literatuurondersoek gekry het nie maar dat ander outeurs tog al daarvoor gerapporteer het. James (2010) verwys na tyddistorsie '*time distortion*' – dit strook met my bevinding dat die deelnemer moontlik kan voel dat die tyd in terapie korter was as wat die tydsverloop op die horlosie aandui.

### iii) Sandspel-momente

- **Storieprinses en Skulpie**

Nadat ek die storievertelling in Sessie 3 (bl. 11) en Sessie 4 (bl. 16) afgehandel het, het **Storieprinses** redelik negatief gereageer op die sandspelterapie wat moes volg: **But I don't want to do it again. I don't want to build in the sand.** Hierdie reaksie van **Storieprinses** mag moontlik toegeskryf word aan 'n mate van weerstand. Weerstand is reeds in die vorige gedeelte ondersoek. **Storieprinses** wou nie die storie wat ek as deel van die Ericksoniaanse benadering tot terapie aan haar vertel het in die sand uitbeeld nie: **Maybe I can build a princess story. Can I do my own story?** (Sessie 4, bl. 5, 22); **Oh, I can't. What about a picture of a different story?** (Sessie 6, bl. 10). In antwoord op my vraag in Sessie 5 waarom sy nie die storie wat ek vertel het in die sand uitgebeeld het nie, antwoord sy dat haar storie beter is (Sessie 5, bl. 11).

**Skulpie** het aanvanklik negatief gereageer nadat sy gehoor het sy moet 'n storie in die sand uitbeeld: **Ek kan nie te veel aan die sand vat nie want ek is allergies daarvoor. Dit laat my net uitslaan, dis al wat dit actually doen, maar dit maak my dan ook juk** (Sessie 1, bl. 10). Haar moeder het glad nie tydens ons aanvanklike

'n Ericksoniaanse benadering tot sandspelletapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingssteurnis ervaar

onderhoud genoem dat **Skulpie** allergies vir sand is nie. Dit kan wees dat **Skulpie** moontlik nie lus was om in die sand te bou nie en 'n allergie as verskoning gebruik het. Sy het uiteindelik tog die sandtonele gebou sonder enige allergiese reaksie. Hierdie reaksie van **Skulpie** kan moontlik gesien word as 'n vorm van weerstand.<sup>35</sup>

#### iv) Opsomming van negatiewe reaksies van deelnemers tydens en na afloop van die Ericksoniaanse benadering tot terapie

**Storieprinses** en **Skulpie** het tekens van weerstand getoon gedurende storievertel-momente asook die sandspel-momente. **Verlore** het 'n negatiewe reaksie tydens een van die storievertel-momente beleef, terwyl **Hoopvol** en **Skaduwee** distorsie van tyd beleef het.

In Tabel 5.13 word die deelnemers se reaksie op die gekombineerde benadering tot terapie opgesom.

**Tabel 5.13: Negatiewe reaksie van deelnemers op die gekombineerde benadering tot terapie**

	<b>Storie-prinses</b>	<b>Denker</b>	<b>Skulpie</b>	<b>Verlore</b>	<b>Hoopvol</b>	<b>Skaduwee</b>
<b>Storievertel-momente</b>						
Praat nie oor probleme nie	✓					
Weerstand	✓		✓			
Negatiewe reaksie				✓		
Distorsie van tyd					✓	✓
<b>Sandspel-momente</b>						
Beeld eie storie uit	✓					
Weerstand	✓		✓			

## 5.4 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die resultate van die studie weergegee en bespreek. Daar is eerstens gepoog om kortliks die agtergrond van elke deelnemer te skets, waarna die resultate van die data-analise bespreek is. Ek het verder gepoog om die resultate van die data-analise in verband te bring met die literatuur.

<sup>35</sup> Weerstand is volledig beskryf onder **Storieprinses**.

'n Ericksoniaanse benadering tot sandspelterapie vir deelnemers wat depressie as ontwikkelingssteurnis ervaar

Vier hooftemas is in hierdie hoofstuk identifiseer. Gedurende Tema 1 is die deelnemers se beleving van die Ericksoniaanse benadering tot terapie gekombineer met sandspelterapie ondersoek. Tema 1 is verdeel in twee subtemas, naamlik die deelnemers se beleving van die storievertel-momente en die deelnemers se beleving van die sandspel-momente. Tema 2 het gehandel oor die deelnemers se begrip van die Ericksoniaanse benadering tot terapie gekombineer met sandspelterapie en is verdeel in twee subtemas. Met die eerste subtema is die deelnemers se verklaring en begrip van die storievertel-momente ondersoek terwyl die deelnemers se verklaring en begrip van die sandspel-momente in subtema 2.2 ondersoek is.

Daarna het die fokus van die hoofstuk verskuif na Tema 3 waar ondersoek ingestel is na vordering en aanvaarding na aanleiding van die Ericksoniaanse benadering tot terapie gekombineer met sandspelterapie. Tema 3 is ook verdeel in twee subtemas. Die eerste subtema het die vordering van die deelnemers ondersoek terwyl die tweede subtema die aanvaarding van die deelnemers ondersoek het. Ek het die hoofstuk afgesluit met 'n bespreking van Tema 4 en die twee subtemas van tema 4. Gedurende hierdie afdeling was die fokus op die positiewe en negatiewe reaksies van die deelnemers op die Ericksoniaanse benadering van terapie gekombineer met sandspelterapie.

In Hoofstuk 6 word 'n oorsig oor die studie gebied. Die navorsingsdoel en -vrae word genoem en 'n opsomming van die hoofstukke van die studie gegee. Daarna word die moontlike beperkings van die studie bespreek gevolg deur die etiese oorwegings wat tydens die studie toegepas is. 'n Opsomming van die resultate (bevindings) van die studie volg, waarna ek sal poog om die navorsingsvrae van die studie te beantwoord. Die hoofstuk word afgesluit deur die moontlike bydrae van die studie te bespreek gevolg deur my aanbevelings.